- (b) Die studie vir die graad Blur (Finansiële Beplanningsreg) (studiekode 3323) duur 'n maksimum van vyf jaar.
- (c) Geen verdere registrasie sal aan student in die Fakulteit Regsgeleerdheid toegelaat word indien hulle die maksimum residensiële tydperk oorskry het nie.

**E9.4 Volgorde van modules en samestelling van studiejare**

- (a) Studente vir die Blur (Finansiële Beplanningsreg) volg as algemene reël die modules in die studiejare en volgorde soos bepaal in die kurrikulum.
- (b) Die reëls en kurrikulum soos op die datum van registrasie sal van toepassing wees op enige student wat in die 2016-akademiese jaar vir die eerste keer geregistreer het.
- (c) Die modules Finansiële Beplanningsreg LFPL1514 en LFPL1524 moet suksesvol voltooi word alvorens die kandidaat toegelaat sal word om met die modules



LFPL2614, LFPL2624 voort te gaan. Die modules in Finansiële Beplanningsreg LFPL2614 en LFPL26524 moet suksesvol voltooi word alvorens die kandidaat toegelaat sal word om met die modules LFPL3714 en LFPL3724 voort te gaan.

- (d) 'n Student wat twee of meer semestermodules in enige semester gestaak of gedruip het, moet die betrokke module(s) in die eerste moontlike semester waarin dit deur die fakulteit aangebied word, herhaal. 'n Maksimum van ses semestermodules mag geneem word in die semester waarin die modules wat gedruip of gestaak is, herhaal word.
- (e) LPIL2724, LFPP2622 en LFPP3724 lesings sal slegs in Engels aangebied word, maar alle assesserings sal in beide Afrikaans en Engels geskied en Afrikaanse en Engelse tutors sal vir hierdie modules beskikbaar wees.

### **E9.5 Berekening van die finale punt vir 'n module**

Die finale punt vir 'n module word met inagneming van Algemene Reël A9.4 soos volg bereken:

- (a) 50% van die modulesyfer plus 50% van die eksamenpunt.
- (b) In die geval van e-leer: 20% van die modulesyfer plus 80% van die eksamenpunt.

### **E9.6 Graad met lof**

Die Blur (Finansiële Beplanningsreg) word met lof toegeken indien 'n student:

1. die kurrikulum vir Blur (Finansiële Beplanningsreg) in die minimum voorgeskrewe tydsduur voltooi het.
2. 'n geweegde gemiddelde gesamentlike slaagsyfer van minstens 75% in die volgende modules behaal het:

| <b>Module</b>                   | <b>Kode<br/>Eerste<br/>Semester</b> | <b>Kode<br/>Tweede<br/>Semester</b> |
|---------------------------------|-------------------------------------|-------------------------------------|
| Arbeidsreg                      | LLAB2614                            | LLAB2624                            |
| Belastingreg                    | LTAX3714                            | -                                   |
| Erfreg en Boedelbereddering     | -                                   | LSAE2624                            |
| Familiereg                      | -                                   | LFAM1524                            |
| Finansiële Beplannings Ekonomie | LFPE1514                            | LFPE1524                            |
| Finansiële Beplanningsreg       | LFPL1514                            | LFPL1524                            |
| Finansiële Beplanningsreg       | LFPL2614                            | LFPL2624                            |
| Finansiële Beplanningsreg       | LFPL3714                            | LFPL3724                            |
| Finansiële Praktyk              | LFPP1512                            | LFPP1522                            |
| Finansiële Praktyk              | -                                   | LFPP2622                            |
| Finansiële Praktyk              | -                                   | LFPP3724                            |
| Handelstrustreg                 | LBTL3714                            | -                                   |
| Inleiding tot die Regswetenskap | LILS1514                            | LILS1524                            |
| Insolvensie- en Likwidasiereg   | -                                   | LILL4824                            |
| Kontraktereg                    | LCON2614                            | -                                   |
| Ondernemingsvormereg            | LBEN3714                            | LBEN3724                            |
| Personereg                      | LPSN1514                            | -                                   |
| Praktiese Versekeringsreg       | -                                   | LPIL2624                            |
| Regsrekeningkunde               | EACC1614                            | ERRK1624                            |
| Sakereg                         | -                                   | LPRO3724                            |
| UFS 101                         | UFS101                              | UFS101                              |
| Uitlegsleer                     | LSIN2614                            | -                                   |

Een van die volgende keusemodules in beide semesters:

|                                          |                                   |                                   |
|------------------------------------------|-----------------------------------|-----------------------------------|
| Opsie 1:<br>Afrikaans vir die Professies | AFPA1512<br><b>en</b><br>AFPB1512 | AFPC1522<br><b>en</b><br>AFPD1522 |
| Opsie 2:<br>Duits                        | GERM1514<br><b>of</b><br>GERB1514 | GERM1624<br><b>of</b><br>GERB1524 |
| Opsie 3:<br>Engelse Vaardigheid          | ENGS1608                          | ENGS1608                          |
| Opsie 4:<br>Frans                        | FRAN1514                          | FRAN1524                          |
| Opsie 5:<br>Latyn                        | CLLT1608                          | CLLT1608                          |
| Opsie 6:<br>Regstaal en -kultuur         | CLLC1514                          | CLLC1624                          |

**E9.7 Die volgende modules moet geslaag word om Blur (Finansiële Beplanningsreg) (studiekode 3323) te verwerf:**

---

**Eerste studiejaar**

---

| <b>Module</b>                   | <b>Kode<br/>Eerste<br/>Semester</b> | <b>Kode<br/>Tweede<br/>Semester</b> |
|---------------------------------|-------------------------------------|-------------------------------------|
| Familiereg                      | -                                   | LFAM1524                            |
| Finansiële Beplannings Ekonomie | LFPE1514                            | LFPE1524                            |
| Finansiële Beplanningsreg*      | LFPL1514                            | LFPL1524                            |
| Finansiële Praktijk             | LFPP1512                            | LFPP1522                            |
| Inleiding tot die Regswetenskap | LILS1514                            | LILS1524                            |
| Personereg                      | LPSN1514                            | -                                   |
| UFS 101                         | UFS101                              | UFS101                              |
| Eerstejaar-keusemodules         | *                                   | *                                   |

\* Een van die volgende keusemodules in elke semester:

| <b>Een van die volgende eerstejaar-keusemodules:</b> |                                   |                                   |
|------------------------------------------------------|-----------------------------------|-----------------------------------|
| Opsie 1:<br>Afrikaans vir die Professies             | AFFA1512<br><b>en</b><br>AFPB1512 | AFPC1522<br><b>en</b><br>AFPD1522 |
| Opsie 2:<br>Duits                                    | GERM1514<br><b>of</b><br>GERB1514 | GERM1624<br><b>of</b><br>GERB1524 |
| Opsie 3:<br>Engelse Vaardigheid                      | ENGS1608                          | ENGS1608                          |
| Opsie 4:<br>Frans                                    | FRAN1514                          | FRAN1524                          |
| Opsie 5:<br>Latyn                                    | CLLT1608                          | CLLT1608                          |
| Opsie 6:<br>Regstaal en -kultuur                     | CLLC1514                          | CLLC1624                          |

---

## **Tweede studiejaar**

---

| <b>Module</b>                                                                                                                                                | <b>Kode<br/>Eerste<br/>Semester</b> | <b>Kode<br/>Tweede<br/>Semester</b> |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------|-------------------------------------|
| Arbeidsreg                                                                                                                                                   | LLAB2614                            | LLAB2624                            |
| Erfreg en Boedelbereddering                                                                                                                                  | -                                   | LSAE2624                            |
| Finansiële Beplanningsreg<br>Voorvereiste: Ten einde vir LFPL 2614 en LFPL2624 te registreer, moes 'n student reeds beide LFPL1514 en LFPL 1524 geslaag het. | LFPL2614                            | LFPL2624                            |
| Finansiële Praktyk                                                                                                                                           | -                                   | LFPP2622                            |
| Kontraktereg                                                                                                                                                 | LCON2614                            | -                                   |
| Privaatversekeringsreg                                                                                                                                       | -                                   | LPIL2624                            |
| Regsrekeningkunde (jaarmodule)                                                                                                                               | EACC1614                            | ERRK1624                            |
| Uitlegsleer                                                                                                                                                  | LSIN2614                            | -                                   |

---

**Derde studiejaar**

---

| Module                                                                                                                                                            | Kode<br>Eerste<br>Semester | Kode<br>Tweede<br>Semester |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------|----------------------------|
| Belastingreg                                                                                                                                                      | LTAX3714                   | -                          |
| Finansiële Beplanningsreg<br>Voorvereistes: Ten einde vir LFPL 3714 en LFPL 3724 te registreer, moes 'n student alreeds beide LFPL 2614 en LFPL 2624 geslaag het. | LFPL3714                   | LFPL3724                   |
| Finansiële Praktijk                                                                                                                                               | -                          | LFPP3724                   |
| Handelstrustreg                                                                                                                                                   | LBTL3714                   | -                          |
| Likwidasië- en Insolvensiereg                                                                                                                                     | -                          | LILL4824                   |
| Ondernemingsreg                                                                                                                                                   | LBEN3714                   | LBEN3724                   |
| Sakereg                                                                                                                                                           | -                          | LPRO3724                   |

**E9.8 Promovering**

- (a) Die stelsel van promovering ingevolge Algemene Reël A9.4(e) is van toepassing op Blur (Finansiële Beplanningsreg) studente wat 'n module punt van 70% of meer in modules behaal het wat in die derde jaar van die kurrikulum van studiekode 3323 aangebied word.
- (b) Studente wat hul Blur (Finansiële Beplanningsreg) grade via e-leer voltooi, kwalifiseer egter nie vir promovering nie.
- (c) Die stelsel van promovering sal vanaf 2017 nie meer op enige van die modules wat in in die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word, van toepassing wees nie.

Inligting van modules aangebied deur departemente wat onder ander fakulteite resorteer, is in die jaarboeke van die betrokke fakulteite opgeneem.

Modules word alfabeties volgens die module-kode gerangskik.

---

### Doelwitte van die kwalifikasie

---

Die doelwit van die Gevorderde Diploma in Boedel- en Trustadministrasie is om geïntegreerde onderrig en leer te bevorder en die ontwikkeling van lewenslange leervaardighede wat gegradeerdes in staat sal stel om te werk en om advies in die fidusiêredienstebedryf te lewer.

Die kwalifikasie beoog om paslike kennis en bevoegdhede te versterk deur –

- ❑ deelnemende leer
- ❑ studente in staat te stel om ingeligte besluite te neem
- ❑ aandag te gee aan uitdagings en kwessies en rekenskap te gee van gegradeerdes om gesonde advies te gee op grond van regs- en professionele beginsels

Die gegradeerde sal die nodige vaardighede en kennis verwerf om advies te gee ten opsigte van fidusiêre dienste tot voordeel van individue of besigheidsentiteite, en sal in staat wees om die volgende te doen:

- ❑ Verduidelik en pas relevante wetgewing en die beginsel van etiek in die fidusiêredienstebedryf toe.
- ❑ Verstaan en pas al die wetlike en fidusiêre vereistes toe om alle dokumentasie ten opsigte van die fidusiêredienstebedryf doeltreffend op te stel.
- ❑ Toon gevorderde begrip van die teoretiese raamwerk, sleutelbegrippe en kernregsreëls en -beginsels van alle gebiede van die fidusiêredienstebedryf.
- ❑ Pas die teoretiese regskennis en -vaardighede op praktiese administrasieprosesse toe om doeltreffend in wisselwerking te wees met die publiek
- ❑ Evalueer en pas toepaslike inligting uit wetgewing, literatuur en sekondêre databronne op spesifieke praktiese scenario's toe.

---

## REËL E10 GEVORDERDE DIPLOMA IN BOEDEL- EN TRUSTADMINISTRASIE

---

(Studiekode 32030) (totale krediete: 160)

---

### 10.1 Toepasbaarheid

Die Algemene Reëls is *mutatis mutandis* van toepassing op studente wat vir die Gevorderde Diploma in Boedel- en Trustadministrasie geregistreer het.

### E10.2 Spesiale kurrikula

Die Dekaan kan spesiale kurrikula en programme vir kandidate voorskryf as hy/sy dit in akademiese belang nodig ag, en die bepalings van die Fakulteitsreëls geld *mutatis mutandis*.

### E10.3 Toelating

Vir toelating tot die Gevorderde Diploma in Boedel- en Trustadministrasie word een (1) van die volgende vereis:

- ❑ 'n Gevorderde Sertifikaat op NKR vlak 6 (minimum 120 krediete) of 'n Diploma op NKR vlak 6 (minimum 360 krediete) op enige gebied wat verband hou met of wat vakinhoud bevat van boedelbereddering, trustadministrasie, finansiële beplanning of boedelbeplanning.
- ❑ Studente wat 'n LLB-graad of enige ander toepaslike kwalifikasie voltooi het, kan ook aansoek doen om toelating tot die Gevorderde Diploma in Boedel- en Trustadministrasie.

### E10.4 Duur van studie (Algemene Reël A5.5(a))

- (a) Die duur van die studie vir die Gevorderde Diploma in Boedel- en Trustadministrasie (studiekode 32030) is 'n minimum van een jaar (Algemene Reël A5.5 (a)).
- (b) Die duur van studie vir die Gevorderde Diploma in Boedel- en Trustadministrasie (studiekode 32030) is 'n maksimum van drie jaar vanaf die datum van eerste registrasie..

### **E10.5 Gevorderde Diploma met onderskeiding**

Die Gevorderde Diploma in Boedel- en Trustadministrasie word met onderskeiding toegeken indien 'n student aan die vereistes van Algemene Reël A10 voldoen, dit wil sê 75 persent geweege gemiddeld word behaal binne die minimum tydperk van die kwalifikasie en sonder om enige van die module te druipe.

### **E10.6 Modules wat nodig is om die Gevorderde Diploma in Boedel- en Trustadministrasie te verwerf**

Die Gevorderde Diploma in Boedel- en Trustadministrasie (studiekode 32030) word toegeken indien 'n kandidaat minstens die volgende modules geslaag het of vrystelling van of erkenning vir die betrokke modules ontvang het:

| <b>Jaarmodules</b>                            | <b>Kodes</b> |
|-----------------------------------------------|--------------|
| Regulatoriese Omgewing                        | REEN1700     |
| Administrasie van Bestorwe Boedels            | ADDE1700     |
| Trustadministrasie                            | TRAD1700     |
| Boedelbeplanning en die Opstel van Testamente | EPDW1700     |

### **E10.7 Berekening vir die finale punt vir 'n module**

Die finale punt vir 'n module word bereken deur 30 persent van die semesterpunt en 70 persent van die eksamenpunt in berekening te bring.

### **E10.8 Eksamenuitslae vir die modules in die Gevorderde Diploma in Boedel- en Trustadministrasie**

- (a) Uitslae sal op die Universiteit van die Vrystaat se webtuiste geplaas word in ooreenstemming met die spertye en tydskedules wat aan die studente bekengemaak word (kondonasie van Algemene Reël A28.12 (a)(i)).
- (b) Studente mag appèl aanteken teen 'n eksamenuitslag deur binne 7 dae na die vrystelling van die uitslae deur middel van die voorgeskrewe proses te versoek dat die vraestel hernagesien word. Studente sal binne 3 weke na die versoek dat 'n vraestel hernagesien moet word terugvoering in verband met die appèl ontvang (kondonasie van Algemene Reël 28.12 (f)).



## **E10.9 Onderrigtaal**

Die onderrigtaal vir die Gevorderde Diploma in Boedel- en Trustadministrasie is slegs Engels (kondonasie van die amptelike taalbeleid van die Universiteit van die Vrystaat).

---

## **Reël E11 : Kurrikula en modules**

- E11.1** Die inhoud van die kurrikula vir modules is, waar van toepassing, in ooreenstemming met die minimum-vereistes van die Raad vir die Erkenning van Regseksamens.
- E11.2** Die kurrikula wat deur die verskillende departemente van die Fakulteit Regsgeleerdheid en ander fakulteite aangebied word, is soos volg\*:
-

### **ADDE1700 Administrasie van Bestorwe Boedel**

Die module ADDE1700 (40 krediete) word in die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied.

#### *Beskrywing en doel van die kursus*

Die student sal in staat wees om die teoretiese beginsels toe te pas wat op die administrasie van bestorwe boedels betrekking deur praktiese voorbeelde vir testate asook intestate boedels te doen. Die leerder sal aan die einde van hierdie module vertrouwd wees met die belangrikste wetgewing om te verseker dat hulle sal optree in ooreenstemming met wetgewing wat die administrasie van bestorwe boedels reguleer.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Nadat hierdie module suksesvol voltooi is, behoort die student in staat te wees om die relevante konsepte en beginsels te verwerk en om oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Die rolle, funksies en pligte van eksekuteurs
- ☐ Interpretering van die testament en die hantering van die oorlewende erfgename
- ☐ Opstel van 'n likwidasie en distribusierekening
- ☐ Verduideliking en opstel van die Boedelbelasting addendum

#### *Assessering*

Assessering om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het vind plaas in beide 'n formatiewe (vasvrae en werksopdrag) en summatiewe (eksamen) metode.

---

### **AFPA1512 Luister- en Leesvaardighede vir die Professies**

Die module **AFPA1512** Luister- en Leesvaardighede vir die Professies (8 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe.

Die module bestaan uit die volgende eenhede:

Die weergee van kernargument; Beantwoording van begripsvrae; Die evaluering van teks in terme van teksorganisasie, inhoud, argumentering, ens; Herkenning van tipiese verbale en nieverbale gedragspatrone van 'n goeie luisteraar; Die verband tussen luistervaardigheid en kommunikatiewe vaardigheid in die algemeen; Die aantoon van die verskil tussen empatiese en aktiewe luister.

Na voltooiing van hierdie module sal studente in staat wees om:

- ☐ Die teoretiese kennis, skemas en waardes van luister- en leesvaardighede te verduidelik;
  - ☐ Die teorie van luister en lees toe te pas en verbetering van beide verbale en geskrewe vaardighede binne 'n verskeidenheid bekende kontekste soos loopbaanbesprekings en eksamen-scenario's te toon;
  - ☐ Verskillende tekstipes soos vakliteratuur doeltreffend te lees en te verstaan;
  - ☐ Tekortkominge in hul eie luistergedrag te identifiseer;
  - ☐ Doeltreffende en oordeelkundig akademiese aantekeninge te maak deur van doeltreffende luister gebruik te maak;
  - ☐ Binne alle geskrewe en mondelinge werk wat aangebied word toepaslike konvensies ten opsigte van intellektuele eiendom en plagiaat toe te pas;
  - ☐ Eie vordering te assesser en die nodige stappe te neem om verbetering binne die gestruktureerde omgewing van die begin studiejaar te verseker.
- 

### **AFPB1512 Afrikaans vir die Professies: Effektiewe Geskrewe Formulerings**

Die module **AFPB1512** Afrikaans vir die Professies: Effektiewe Geskrewe Formulerings (8 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

Hierdie module bevat fundamentele kennis, teorieë, beginsels en praktyke van *Afrikaans*, insluitend:

- ☐ Leesvaardigheid; Styl en toon; Struktuur in skryf; Die skryfproses; Verwysing en bronne en plagiaat; Die skryf van 'n formele brief; Die skryf van 'n cv; Die skryf van 'n verslag; Die skryf van 'n e-pos.

Na voltooiing van hierdie module sal studente in staat wees om:

- ☐ Loopbaanspesifieke geskrewe werk in Standaard Afrikaans te lewer;
  - ☐ Inligting logies binne 'n teks te organiseer;
  - ☐ Plagiaat deur verwysing te vermy.
- 

### ☐ **AFPC1522 Afrikaans vir die Professies: Tekslogika- en Samehang**

Die module **AFPC1522** Afrikaans vir die Professies: Tekslogika- en Samehang (8 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

Hierdie module bestaan uit die volgende eenhede:

- ☐ Die agtergrond van die kommunikasieproses
- ☐ 'n Geïntegreerde kommunikasie-model
- ☐ Skriftelike tekstuele kommunikasie
- ☐ Tekseenheid
- ☐ Teksstruktuur
- ☐ Bronverwysings
- ☐ Seminaar-/ aanbiedingsvaardighede

Na voltooiing van hierdie module sal studente in staat wees om:

- ☐ Die mondelinge en geskrewe kommunikasieproses te verduidelik;
  - ☐ Die betekenis, kohesie en konteks van tekstuele eenhede te identifiseer en toe te pas;
  - ☐ Tekskohesie en teksstruktuur te identifiseer en te verduidelik;
  - ☐ Inligting uit 'n reeks bronne te versamel en basiese analiseprosesse op verskillende tekste volgens hul doelwitte toe te pas, en hul kohesie krities te beoordeel;
  - ☐ Binne alle geskrewe en mondelinge werk wat aangebied word toepaslike konvensies ten opsigte van intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat toe te pas;
  - ☐ Eie vordering te assesser deur die vermoë te toon om kohesiewe teks met spesifieke doelwitte in gedagte, te produseer.
- 

### **AFPD1522 Afrikaans vir die Professions: Oorredingstrategieë**

Die module **AFPD1522** Afrikaans vir die Professions: Oorredingstrategieë (8 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

Hierdie module bestaan uit die volgende eenhede:

Jakobson se kommunikatiewe model; Klassieke retoriek as basis vir hedendaagse spraakkommunikasie; bestudering van boodskapinhoud; Organisasie van boodskapinhoud in funksionele organisasiepatrone; Verwoording van boodskapinhoud; Verskillende vorme van boodskaporganisasie; Kommunikatiewe strategieë; Interne en eksterne kommunikasie; Luistervaardighede as deel van die totale kommunikasieproses.

Na voltooiing van hierdie module sal studente in staat wees om:

- ☐ Probleme en oplossings in kommunikasie-senario's te identifiseer en die betrokke oplossing aan te dui wat deur kritiese en kreatiewe denke aanbeveel kan word;
  - ☐ Doeltreffend as lede van 'n span of groep te funksioneer;
  - ☐ Hul werksaamhede doeltreffend en verantwoordelik te bestuur en te organiseer;
  - ☐ Inligting te versamel, te ontleed, te organiseer en krities te evalueer;
  - ☐ Doeltreffend te kommunikeer en visuele, tematiese en/of taalvaardighede in geskrewe en/of gesproke redenering te gebruik;
  - ☐ Die dissipline krities te evalueer;
  - ☐ Oor verskillend strategieë vir die verbetering van leer te reflekteer;
  - ☐ Kulturele en estetiese sensitiwiteit oor 'n reeks van sosiale kontekste heen te vertoon;
  - ☐ Oorredende strategieë in 'n verskeidenheid van tekste te herken;
  - ☐ Die aanwendbaarheid van oorredende strategieë vir spesifieke kommunikasiedoelwitte krities te beoordeel;
  - ☐ Tekste te produseer waarin oorredende strategieë doeltreffend gebruik is.
-

## **AGAL1508 Akademiese Geletterdheid in Afrikaans (vir student in die Fakulteit Regsgeleerdheid)**

### *Doel*

Om studente primêr toe te rus met 'n algemene taalgebruikskennis om sodoende hul akademiese kommunikatiewe en kognitiewe vaardighede in sowel vakgerigte as algemene kontekste te verbeter.

### *Assessering*

Deurlopende evaluering is ter sprake. Dit impliseer dat klasbywoning van die uiterste belang is, aangesien opdragte gedurende lesingtye afgehandel en ingegee word.

---

## **CLLC1514 Regstaal en Kultuur I**

Die module **CLLC1514** Regstaal en Kultuur I (16 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

Hierdie module bevat fundamentele kennis, teorieë, beginsels en praktyke van Regstaal en Kultuur I, insluitend:

1. die belangrikste Latynse regsterme
2. die tydperk waarin die Romeinse Reg ontstaan het
3. die uitbreiding van Engelse en Afrikaanse woordeskat

Na deeglike betrokkenheid by die studiemateriaal, sal studente in staat wees om:

- ☐ Die belangrikste Latynse regsterme in regsdokumente, asook wat deur regspraktisyns gebruik word, te verstaan en korrek te gebruik;
  - ☐ Insig in die sosiale en kulturele omstandighede waarbinne Romeinse Reg ontwikkel het, te verkry;
  - ☐ Te beseft dat woordeskat ryklik deur kontak met 'n groot aantal Engelse woorde wat uit Latyn afgelei is, verryk is.
- 

## **CLLC1624 Regstaal en -Kultuur II**

Die module **CLLC1624** Regstaal en -Kultuur II (16 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

### *Doel*

Die module het ten doel om die student in staat te stel om die algemeenste Latynse terme en afkortings wat in die regsprofessie gebruik word, te verstaan en met begrip te gebruik, om die sosiale en kulturele omstandighede waarin die Romeinse Reg sy beslag gekry het, te verstaan en om sy/haar Engelse en Afrikaanse woordeskat uit te brei en te verbeter aangesien meer as 65% van Engelse woorde in alledaagse gebruik van Latyn afgelei is.

### *Assessering*

Die assessering behels deurlopende assessering bestaande uit klas- en kwartaaltoetse om 'n finale punt te bepaal.

---

## **CLLT1608 Latynse taalkunde, letterkunde en kultuuragtergrond**

Die module **CLLT1608** Latynse taalkunde, letterkunde en kultuuragtergrond (32 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

Hierdie module bevat fundamentele kennis, teorieë, beginsels en praktyke van *Latynse taalkunde, letterkunde en kultuuragtergrond*, insluitend:

1. Inleiding tot Latynse grammatika, woordeskat en prosa
2. 'n Studie van die Romeinse kultuur-historiese agtergrond

Na deeglike betrokkenheid by die studiemateriaal, sal studente in staat wees om:

- ☐ 'n Basiese kennis van Latynse grammatika, woordeskat en vertaling van basiese sinne, asook logiese en analitiese vaardighede in taalverkryging te toon;
- ☐ Romeinse kultuur-historiese agtergrond en die invloed daarvan op moderne samelewings te bespreek;
- ☐ Binne alle geskrewe en mondelinge werk wat aangebied word toepaslike konvensies ten opsigte van intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat toe te pas;
- ☐ Eie vordering te assesser en die nodige stappe te neem om verbetering binne die gestruktureerde omgewing van begin studiejare te verseker.

---

## **CSIL1511 Basiese Rekenaargeletterdheid**

(Departement Rekenaarwetenskap en Informatika)

### *Doel*

Die module het ten doel om basiese kennis van die beginsels van mikro-rekenaars en mikro-rekenaarhardeware aan studente oor te dra. Dit sluit in kennis en toepassingsvaardighede van die basiese bevels van 'n operasionele sisteem, 'n algemene woordprosesseringsprogram, 'n spreivelprogram, 'n voorleggingsprogram en die Internet.

### *Assessering*

Hierdie module word deur middel van deurlopende evaluering geëvalueer en geen spesiale eksamens word toegestaan nie.

---

## **CSIL1521 Gevorderde Rekenaargeletterdheid**

(Departement Rekenaarwetenskap en Informatika)

Voorvereistes: BRS111 of BRC111.

### *Doel*

Die module het ten doel om die volgende kennis en toepassingsvaardighede aan studente oor te dra: basiese kennis van 'n databasis-program, gevorderde aspekte van 'n algemene woordverwerkingsprogram, 'n spreivelprogram en 'n voorleggingsprogram.

### *Assessering*

Hierdie modules word deur middel van deurlopende evaluering geëvalueer en geen spesiale eksamens word toegestaan nie.

---

## ENG1608 Engelse Vaardighede

Die module **ENG1608** Engelse Vaardighede (32 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

'n Engelse taal-ontwikkelings kursus vir voorgraadse studente.

Na deelname aan lesings en klasaktiwiteite asook die suksesvolle voltooiing van hierdie kursus, behoort studente in staat te wees om:

- ☐ Sleutel-grammatikale en leksikale eienskappe van tekste binne hoë-frekwensie akademiese woordeskat te analiseer;
- ☐ Sleutel-navorsingsterminologie en die taaleienskappe van navorsingsverslae, literatuurroorsigte en abstrakte te verstaan;
- ☐ Engels te gebruik om menings uit te druk, te parafraseer, akademiese tekste te vergekyk en inligting vir die professies op te som;
- ☐ Voldoende taalvaardighede te vertoon om gesproke en geskrewe inligting in verskillende formate en kontekste, insluitend professionele kontekste, te verstaan en te produseer;
- ☐ Eie vordering te assessee en die nodige stappe te neem om verbetering binne die gestruktureerde omgewing van begin studiejare te verseker.

---

## EPDW1700 Boedelbeplanning en Opstel van Testamente

Die module EPDW1700 (40 krediete) word in die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied

*Beskrywing en doel van die kursus*

Studente sal in staat wees om al die wetlike formaliteite met betrekking tot die opstel van 'n testamente toe te pas. Studente sal leer om met kliënte te konsulteer om te verseker dat hulle die regte inligting bekom om 'n geldige testament vir die kliënt te kan opstel. Studente sal die kennis bekom wat hulle nodig het om klousules in 'n testament te interpreteer en om enige problematiese klousules reg te stel. Die student sal in staat wees om wetlike en belasting oplossings toe te pas in al die gebiede van boedelbeplanning en om die doelwitte van boedelbeplanning en die boedelbeplanningsproses te verstaan, te verduidelik en toe te pas.

Studente sal verstaan dat boedelbeplanning 'n holistiese studie is met baie verskillende, maar geïntegreerde komponente en dat al hierdie komponente in ag geneem moet word om 'n doeltreffende en praktiese boedelplan te produseer.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Nadat hierdie module suksesvol voltooi is behoort die student in staat wees om die relevante konsepte en beginsels te implimenteer en om oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Lys en verduidelik die formaliteite in terme van die Wet op Testamente
- ☐ Bespreek die inhoud van 'n testament en verduidelik die regte van die verskillende rolspelers
- ☐ Bespreek die impak van die verskillende huweliksgoederebedelings op die opstel van 'n testament en op die verskillende boedelbeplanning tegnieke.
- ☐ Korrigeer of stel algemene klousules in 'n testament op - aanstelling van 'n eksekuteur, die uitsluiting van gemeenskaplike boedel begunstigdes, die uitsluiting van voogdy fonds, die verskaffing van sekerheid, die skepping van testamentêre trust, herroepings klousule, insolvensie klousule.
- ☐ Definieër en pas testate en intestate erfopvolging toe en verduidelik die belang daarvan vir boedelbeplannings doeleindes
- ☐ Verduidelik die mag wat die hof het om 'n testament wat nie aan al die formaliteitsvereistes te voldoen nie, geldig te verklaar.
- ☐ Om al die relevante berekeninge van toepassing op 'n boedelbeplanning te kan doen en in staat wees om advies te verskaf na gelang van hierdie berekeninge.
- ☐ Verduidelik die boedelbeplanningsproses en en pas hierdie proses toe op 'n spesifieke kliënt se unieke situasie.
- ☐ Maak aanbevelings rakende die Testament en testamentêre situasie van 'n kliënt
- ☐ Adviseer oor opvolging strategieë en die verdeling van bates tussen erfgename in 'n testament.
- ☐ Adviseer oor die impak van kapitaalwinsbelasting in gevalle waar begunstigdes 'n gevestigde reg oor trustbates het.
- ☐ Bespreek die definisie van gade in terme van die Inkomstebelastingwet en die Boedelbelastingwet en die impak wat hierdie definisie op boedelbeplanning en boedeladministrasie kan hê.
- ☐ Verduidelik hoe die opbrengs van die verskillende polisse hanteer sal word vir boedelbelasting doeleindes
- ☐ Verduidelik verskillende boedelbeplannings strategieë (eers sterwende en die oorlewende gade)

### *Assessering*

Assessering om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het vind plaas in beide 'n formatiewe (vasvrae en werksopdrag) en summatiewe (eksamen) metode.

---

### **EACC1614 Regsrekeningkunde**

Aan die einde van hierdie module, sal daar van die student verwag word om inligting te boekstaaf en om kennis wat opgedoen is, toe te pas met betrekking tot eenmansake ten opsigte van:

- ☐ Basiese konsepte van rekeningkunde;
  - ☐ Die rekeningkundige siklus;
  - ☐ Verskillende elemente van die finansiële state; en
  - ☐ Vervaardigingsentiteite.
-



## **EACC1614 + ERRK1624 Regsrekeningkunde**

### *Doel*

Die inhoud dek fundamentele rekordhouding regdeur die rekeningkundige siklus vir eenmansake met dien- handels- en vervaardigingsentiteite asook vennootskappe, maatskappye en regspraktyke.

Studente sal in staat wees om:

- ☐ Die verskille tussen maatskappye, vennootskappe en 'n eenmansaak te bespreek;
- ☐ Die wetlike aspekte betreffende vennootskappe te bespreek en in die rekeningkundige siklus te implementeer
- ☐ Finansiële state vir vennootskappe, niehandeldrywende entiteite en maatskappye voor te berei en te analiseer;
- ☐ Rekeningkundige inskrywings aan te teken ten einde die volgende te implementeer:
  - ☐ Toestemming van 'n vennoot.
  - ☐ Onttrekking van 'n vennoot.
  - ☐ Ontbinding van 'n vennootskap.
  - ☐ 'n Trust en 'n onderneming se stel rekords te bespreek;
  - ☐ Finansiële state vir trusts voor te berei en te analiseer; en
  - ☐ Insrywings in die trustrekening wat verband hou met artikels 78(1), 78(2)(a) en 78(2A) van die Wet op Prokureurs 53 of 1979 te bespreek en voor te berei.

### *Assessering*

Die assessering behels deurlopende- en eindassessering.

---

## **EALL1508 Engels Akademiese Geletterdheid vir die Regte**

### *Doel*

Die kursus het ten doel om die akademiese geletterdheidsvaardighede van studente te ontwikkel sodat hulle sukses behaal in hulle regstudies. Die kursus word aangebied aan die hand van relevante regsinhoud en fokus op die kommunikatiewe take nodig om 'n regsgraad te slaag.

### *Assessering*

Deurlopende evaluering met toetse in Junie en Oktober.

---

## **FRAN1514 Franse taal-, literatuur- en kultuur**

Die module **FRAN1514** Franse taal-, literatuur- en kultuur (16 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

Hierdie module fokus op die basiese aanleer van 'n nuwe, vreemde taal en veral om studente van die instrumente te voorsien om basiese kommunikatiewe situasies te hanteer. Die taal-aspek van die kursus se klem lê daarop om studente toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om te kan kommunikeer binne 'n Frans-sprekende konteks. Studente sal leer om hulself voor te stel binne 'n gegewe kulturele konteks, om vir aanwysings te vra, om 'n maaltyd by 'n restaurant te bestel asook om verblyf te bespreek en reis-reëlings te tref in die Franse taal.

Die module sal ook sekere aspekte van die Franse literatuur en kultuur aan die studente bekendstel. Studente sal Frankryk en die Frans-sprekende wêreld ontdek deur 'n wye verskeidenheid tekste en visuele hulpbronne wat die kulturele konteks van die Frans-sprekende wêreld duidelik aan die studente sal illustreer.

Na afloop van hierdie module en na deeglike betrokkenheid by die studiemateriaal, sal 'n student in staat wees om:

- ☐ Bekende alledaagse uitdrukkings en uiters basiese frases, wat gemik is op die bevrediging van behoeftes van 'n konkrete aard, te verstaan en te gebruik;
- ☐ Vrae oor persoonlike besonderhede te vra en te beantwoord;
- ☐ In Frans te kommunikeer, onderworpe daaraan dat die ander persoon stadig en duidelik praat en bereid is om te help; Studente verduidelik ook die literatuur en kultuur van die Franssprekende wêreld deur die betekenisvolle analise van tekste deur middel van vertalings en kort tekste in Frans;
- ☐ Aan basiese gesprekke in die Franse taal deel te neem;
- ☐ Binne alle geskrewe en mondelinge werk wat aangebied word toepaslike konvensies ten opsigte van intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat toe te pas;
- ☐ Eie vordering te assesser en die nodige stappe te neem om verbetering binne die gestruktureerde omgewing van begin studiejare te verseker.

---

### **FRAN1524 Franse taal, literatuur en kultuur**

Die module **FRAN1524** Franse taal, literatuur en kultuur (16 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

Hierdie module bou op die kennis wat die studente tydens die eerste semester opgedoen het. Die taal-aspek van die kursus lê klem daarop om studente met die nodige kennis en vaardighede toe te rus om binne 'n Frans-sprekende konteks te kan kommunikeer. Studente leer om die verlede en toekomstige tye te gebruik. Studente kan oor hul aktiwiteite praat, hul families en vriende beskryf, waarvan hulle hou en nie hou nie asook onlangse vakansies bespreek.

Die module neem die studie van die Franse literatuur en kultuur verder. Studente sal Frankryk en die Franssprekende wêreld ontdek deur 'n wye verskeidenheid tekste en visuele hulpbronne wat die kulturele konteks van die Frans-sprekende wêreld duidelik aan die studente sal illustreer. Studente word ook bewus gemaak van die eeuelange wisselwerking tussen Frankryk en Suid-Afrika aan die hand van sleuteltekste in Frans, Engels en Afrikaans.

Na afloop van hierdie module en na deeglike betrokkenheid by die studiemateriaal, sal 'n student in staat wees om:

- ☐ Bekende uitdrukkings en basiese frases, wat gemik is op die bevrediging van behoeftes, te verstaan en te gebruik;
  - ☐ 'n Storie binne die regte tydraamwerk te plaas deur verlede en toekomstige tye te gebruik.
  - ☐ In Frans te kommunikeer, onderworpe daaraan dat die ander persoon stadig en duidelik praat en bereid is om te help; Studente verduidelik ook die literatuur en kultuur van die Franssprekende wêreld deur die betekenisvolle analise van tekste deur middel van vertalings en kort tekste in Frans;
  - ☐ Aan basiese gesprekke in die Franse taal deel te neem deur die verryking van hul woordeskat deur middel van literêre tekste te gebruik;
  - ☐ Binne alle geskrewe en mondelinge werk wat aangebied word toepaslike konvensies ten opsigte van intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat toe te pas;
  - ☐ Eie vordering te assesser en die nodige stappe te neem om verbetering binne die gestruktureerde omgewing van begin studiejare te verseker;
- Binne alle geskrewe en mondelinge werk wat aangebied word toepaslike konvensies ten opsigte van intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat toe te pas
- 

### **GERB1514 Duits taal-, kultuur en literatuurstudie I**

Die module **GERB1514** Duits taal-, kultuur en literatuurstudie I (16 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

Hierdie eerstejaar eerste semester module is vir studente ontwerp wat reeds 'n goeie basiese kennis van Duits het. Module GERM1514 in die eerstejaar eerste semester is op NKR Vlak 5 en voldoen aan vlak B1 van die Algemene Europese Verwysingsraamwerk vir Tale (CEFR).

Die module bestaan uit twee dele: 'n taal- en literatuurafdeling, albei binne kulturele konteks.

Hierdie module bestaan uit twee dele:

Deel 1 is as volg saamgestel:

In die taal- en kultuurkomponent van die module word die vier basiese taalvaardighede, luister, lees, praat en skryf, hersien, gekonsolideer en verder uitgebou tot vlak B1/B1+ van die *“Algemene Europese Verwysingsraamwerk vir Tale”*.

Deel 2 is as volg saamgestel:

Die deel van die kursus wat fokus op literatuurstudie poog om 'n kort inleiding tot die generiese en historiese aspekte relevant tot die Duitse letterkunde en kultuur te bied. Die fokus is op 'n seleksie van gedigte en kort prosatekste uit die eerste helfte van die twintigste eeu

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:

- ☐ Hul verbeterde vermoë in Duits te toon– mondeling en skriftelik – deur 'n uitgebreide woordeskat en idioom te gebruik;
- ☐ Hul verkrygte kennis en begrip van die grammatikastrukture en woordeskat van die Duitse taal gepas en doeltreffend te gebruik;
- ☐ Gesproke Duits vaardiger te verstaan en betekenisvol aan Duitse gespreksvoering in alledaagse situasies deel te neem;
- ☐ Vaardiger te wees in die uitdrukking van hul eie menings by die bespreking van onderwerpe wat in die kursus gedek word, asook oor ander onderwerpe van belang;
- ☐ Die kern van 'n breë verskeidenheid Duitse tekste, insluitend langer oorspronklike Duitse tekste soos koerantartikels, tydskrifartikels en die internet te lees en te verstaan. Dit sal die gebruik van toepaslike leesstrategieë wat in hierdie kursus bekom word, vereis;
- ☐ 'n Keuse van Duitse literêre tekste met 'n aanvaarbare mate van kritiese insig te lees en in besprekings sowel as in geskrewe opdragte daarop te reageer;
- ☐ Paragraawe, kort essays en persoonlike briewe oor 'n reeks onderwerpe te skryf;
- ☐ Kulturele kwessies beter te verstaan en daarop te reageer, insluitend sensitiviteit oor die lewenswyse en geskiedkundige aspekte in Duitssprekende lande; Daar is 'n bykomende bedoeling dat studente 'n beter begrip van hul eie kultuur verkry;
- ☐ Hul kennis van Duits ook in ander studierigtings te gebruik;
- ☐ Binne alle geskrewe en mondelinge werk wat aangebied word toepaslike konvensies ten opsigte van intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat toe te pas;
- ☐ Eie vordering te assesser en die nodige stappe te neem om verbetering binne die gestruktureerde omgewing van begin studiejare te verseker.

---

## GERB1524 Duits vir beginners II

Die module **GERB1624** Duits vir beginners II (16 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

GERB1624, Duits vir beginners in die tweede semester, is die opvolgmodule vir GERB1514 en bou op die taalkennis wat in die eerste semester opgedoen is. Daar word dus streng aangeraai dat studente vir beide bogenoemde modules registreer, aangesien hulle saam 'n geheel vorm. Die vier hoofvaardighede (luister, lees, praat en skryf) word verder ontwikkel en geoefen in GERB1624 aan die hand van die Algemene Europese Verwysingsraamwerk op 'n A2-vlak (*Common European Framework of Reference for Languages*). Die student behoort in staat te wees om basiese kommunikasie en eenvoudige situasies waar oordrag van direkte, bekende informasie ter sprake is, te kan behartig.

Na die suksesvolle voltooiing van die module GERB1514 behoort studente in staat te wees om:

- ☐ Basiese Duitse woordeskat, alledaagse uitdrukkings en grammatikale strukture binne 'n bekende konteks te verstaan en toe te pas;
- ☐ Duitse woordeskat en uitdrukkings wat in die klas verkry is te gebruik en in verskillende situasies toe te pas;
- ☐ 'n Basiese gesprek in Duits te voer deur basiese woordeskat te gebruik en menings uit te spreek oor onderwerpe wat in die klas hanteer is;
- ☐ Kort geskrewe en mondelinge Duitse tekste uit verskeie in bronne te verstaan, insluitend Duitse liedere en poësie;
- ☐ Kennis oor sosiale, kulturele, geografiese en geskiedkundige aspekte van Duitssprekende lande te toon;

- ☐ Bewustheid van kulturele ooreenkomste en verskille tussen die Duitssprekende lande en Suid-Afrika te toon;
- ☐ Hul kennis van Duits te gebruik om met Duitssprekende persone op 'n basiese vlak in alledaagse situasies te kommunikeer;
- ☐ Hul kennis van Duits ook in ander studierigtings te gebruik;
- ☐ Die waarde van 'n ander taal te waardeer en meer sensitief teenoor ander kulture te raak om interkulturele kommunikasie te verbeter;
- ☐ Binne alle geskrewe en mondelinge werk wat aangebied word toepaslike konvensies ten opsigte van intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat toe te pas;
- ☐ Eie vordering te assesser en die nodige stappe te neem om verbetering binne die gestruktureerde omgewing van begin studiejare te verseker.

### **GERM1514 Duitse taal-, kultuur- en literatuurstudie I**

Die module **GERM1514** Duitse taal-, kultuur- en literatuurstudie I (16 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

Hierdie eerstejaar eerste semester module is vir studente ontwerp wat reeds 'n goeie basiese kennis van Duits het. Module GERM1514 in die eerstejaar eerste semester is op NKR Vlak 5 en voldoen aan vlak B1 van die Algemene Europese Verwysingsraamwerk vir Tale (CEFR).

Die module bestaan uit twee dele: 'n taal- en literatuurafdeling, albei binne kulturele konteks.

Hierdie module bestaan uit twee dele:

Deel 1 is as volg saamgestel:

In die taal- en kultuurkomponent van die module word die vier basiese taalvaardighede, luister, lees, praat en skryf, hersien, gekonsolideer en verder uitgebou tot vlak B1/B1+ van die *“Algemene Europese Verwysingsraamwerk vir Tale”*.

Deel 2 is as volg saamgestel:

Die deel van die kursus wat fokus op literatuurstudie poog om 'n kort inleiding tot die generiese en historiese aspekte relevant tot die Duitse letterkunde en kultuur te bied. Die fokus is op 'n seleksie van gedigte en kort prosatekste uit die eerste helfte van die twintigste eeu

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:

- ☐ Hul verbeterde vermoë in Duits te toon – mondeling en skriftelik – deur 'n uitgebreide woordeskat en idioom te gebruik;
- ☐ Hul verkrygte kennis en begrip van die grammatikastrukture en woordeskat van die Duitse taal gepas en doeltreffend te gebruik;
- ☐ Gesproke Duits vaardiger te verstaan en betekenisvol aan Duitse gespreksvoering in alledaagse situasies deel te neem;
- ☐ Vaardiger te wees in die uitdrukking van hul eie menings by die bespreking van onderwerpe wat in die kursus gedek word, asook oor ander onderwerpe van belang;
- ☐ Die kern van 'n breë verskeidenheid Duitse tekste, insluitend langer oorspronklike Duitse tekste soos koerantartikels, tydskrifartikels en die internet te lees en te verstaan. Dit sal die gebruik van toepaslike leesstrategieë wat in hierdie kursus bekom word, vereis;
- ☐ 'n Seleksie van Duitse literêre tekste met 'n aanvaarbare mate van kritiese insig te lees en in besprekings sowel as in geskrewe opdragte daarop te reageer;
- ☐ Paragraawe, kort essays en persoonlike briewe oor 'n reeks onderwerpe te skryf;

- ☐ Kulturele kwessies beter te verstaan en daarop te reageer, insluitend sensitiviteit oor die lewenswyse en geskiedkundige aspekte in Duitssprekende lande. Daar is 'n bykomende bedoeling dat studente 'n beter begrip van hul eie kultuur verkry;
- ☐ Hul kennis van Duits ook in ander studierigtings te gebruik.
- ☐ Binne alle geskrewe en mondelinge werk wat aangebied word toepaslike konvensies ten opsigte van intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat toe te pas.
- ☐ Eie vordering te assesser en die nodige stappe te neem om verbetering binne die gestruktureerde omgewing van begin studiejare te verseker.

## GERM1624 Duitse taal-, kultuur- en literatuurstudie II

Die module **GERM1524** Duitse taal-, kultuur- en literatuurstudie II (16 krediete) word in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.

Module GERM1624 in die eerstejaar eerste semester is op NKR Vlak 6 en voldoen aan vlak B1+ van die Algemene Europese Verwysingsraamwerk vir Tale (CEFR). Hierdie module word in twee dele verdeel.

Hierdie module bestaan uit twee dele:

Deel 1 is as volg saamgestel:

Die taal- en kultuurkomponent van die module is 'n voortsetting van Deel 1 van GERM1514 met die fokus op die verdere hersiening, konsolidering en uitbouing van die vier taalvaardighede, luister, lees, praat en skryf, tot vlak B1+ (*Onafhanklike Taalgebruiker* soos gedefinieer in die “*Gemeenskaplike Europese Verwysingsraamwerk vir Tale*”). Kennis van en insig in sosiale, kulturele en historiese aspekte van die samelewing in Duitssprekende lande word verder uitgebrei en inter-kulturele kommunikasievaardighede word versterk.

Deel 2 is as volg saamgestel:

In die deel van die kursus wat fokus op literatuurstudie sal studente kennis maak met die *Kurzgeschichte* (kortverhaal), een van die genres wat die naoorlogse Duitse letterkunde gedefinieer het. Deur die omgaan met 'n seleksie van representatiewe voorbeelde (bv. Ingeborg Bachmann: *Ein Geschäft mit Träumen*) sal studente leer van die strukturele aspekte van die genre asook hulle analitiese vaardighede met betrekking tot literêre tekste verbeter. Die kursus poog om studente se verbale uitdrukkingsvermoë te verbeter, waardeur hulle in staat gestel word om tekste krities te bespreek en deurdagte menings daaroor uit te spreek.

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:

- ☐ Hul verbeterde vermoë om in Duits te toon – mondeling en skriftelik – deur 'n uitgebreide woordeskat en idioom te gebruik;
- ☐ Hul verkrygte kennis en begrip van die grammatikastrukture en woordeskat van die Duitse taal gepas en doeltreffend te gebruik;
- ☐ Gesproke Duits vaardiger te verstaan en betekenisvol en gemakliker aan Duitse gespreksvoering in alledaagse situasies deel te neem;
- ☐ Vaardiger te wees in die uitdrukking van hul eie menings by die bespreking van onderwerpe wat in die kursus gedek word, asook oor ander onderwerpe van belang;
- ☐ Die inhoud van 'n breër verskeidenheid oorspronklike Duitse tekste soos koerantartikels, tydskrifartikels en die internet te lees en te verstaan deur toepaslike leerstrategieë te gebruik;
- ☐ 'n Seleksie van Duitse literêre tekste met 'n aanvaarbare mate van kritiese insig te lees en in besprekings sowel as in geskrewe opdragte daarop te reageer;

- ☐ Paragrafe en kort essays, persoonlike en formele briewe te skryf waarin 'n standpunt oor 'n wye spektrum van onderwerpe uitgedruk word deur gepaste Duits te gebruik;
- ☐ Kulturele kwessies beter te verstaan en daarop te reageer, insluitend sensitiwiteit oor die lewenswyse en geskiedkundige aspekte in Duitssprekende lande. Daar is 'n bykomende bedoeling dat studente 'n beter begrip van hul eie kultuur verkry;
- ☐ Hul verhoogde kennis van Duits ook in ander studierigtings te gebruik;
- ☐ Komplekse inligting betroubaar en koherent aan te bied;
- ☐ Gepaste verwysingskonvensies toe te pas;
- ☐ Toepaslik van akademiese diskoers/woordeskat gebruik te maak;
- ☐ Eie vordering teenoor gegewe kriteria te evalueer en eie taakspesifieke leerbehoefte te identifiseer;
- ☐ Ondersteuning binne die gestruktureerde omgewing van die begin studiejare te bekom.

### **LBEN3714 Ondernemingsvormereg**

Die module **LBEN3714** Ondernemingsvormereg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

#### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal bekendgestel word aan die basiese grondbeginsels en konsepte in die Ondernemingsvormereg (Vennootskapsreg, Beslote Korporasiereg en die reg aangaande handelsdrywende trusts en stokvels) en die praktiese implikasies daarvan met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis van die basiese begrippe en beginsels van die Ondernemingsvormereg te toon, met verwysing na die volgende:

- ☐ die vennootskap as regsfiguur en as ondernemingsvorm;
- ☐ oprigting van die vennootskap;
- ☐ die interne en die eksterne verhouding in die vennootskap;
- ☐ ontbinding van die vennootskap;
- ☐ die beslote korporasie as regsfiguur en as ondernemingsvorm;
- ☐ oprigting van die beslote korporasie;
- ☐ die interne en eksterne verhouding in die beslote korporasie;
- ☐ die handelsdrywende trust as regsfiguur en ondernemingsvorm; en
- ☐ die stokvel as regsfiguur en ondernemingsvorm.

Die student sal leer om hierdie basiese begrippe en beginsels met bepaalde regsvaardighede te integreer.

#### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

## **LBEN3724 Ondernemingsvormereg**

Die module **LBEN3724** Ondernemingsvormereg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal bekendgestel word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Ondernemingsvormereg (Maatskappyereg) en die praktiese implikasies daarvan met voortdurende verwysing na sowel regshervorming as die grondwetlike impak.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis van die basiese begrippe en beginsels van die Ondernemingsvormereg te toon, met verwysing na die volgende:

- ☐ die maatskappy as regsfiguur en as ondernemingsvorm;
- ☐ oprigting van die maatskappy;
- ☐ die interne verhoudings (insluitend aandeelhouders, direkteure, bestuur) in die maatskappy;
- ☐ die eksterne verhoudings in die maatskappy;
- ☐ die ontbinding en deregistrasie van die maatskappy; en
- ☐ die ontwikkeling van die maatskappyereg.

Die student sal leer om hierdie basiese begrippe en beginsels met bepaalde regsvaardighede te integreer.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LBTL3714 Besigheidstrustreg**

Die module **LBTL3714** Besigheidstrustreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg by die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om :

- ☐ die partye van 'n trust en die mag en pligte waaroor elke party beskik, te identifiseer;
- ☐ kortliks die aanstelling van trustees te bespreek;
- ☐ die proses ten einde 'n trustee geldig aan te stel, te verorden;
- ☐ te bespreek of 'n persoon 'n geldige handeling namens die trust mag uitvoer voordat s/hy as 'n trustee aangestel is;
- ☐ die persoonlike aanspreeklikheid van 'n trustee te bespreek;
- ☐ 'n lys te maak van die maniere waarop trusteeskap beëindig kan word;
- ☐ bespreek of 'n trust 'n begunstigde in terme van 'n testament mag wees;
- ☐ die onderskeie soorte trusts te identifiseer en die wetlike aard van die verskillende soorte trusts te bespreek;
- ☐ die verskillende soorte trusts in finansiële beplanning te gebruik;
- ☐ aan te dui of 'n trust oorweeg word as 'n 'persoon' en die "eienaarskap" van trusteeendom te bespreek;
- ☐ wysigings en veranderinge aan 'n trustakte aanbring;



- ☐ met gebruik van voorbeelde die voordele van 'n trust in finansiële beplanning te verduidelik;
- ☐ met gebruik van voorbeelde die nadele van 'n trust in finansiële beplanning te verduidelik;
- ☐ die voor- en nadele van 'n trust in die finansiële beplanningsproses op 'n gevallestudie toe te pas;
- ☐ die implikasies van kapitaalwinsbelasting in 'n gevestigde trust te bespreek en te bereken;
- ☐ kapitaalwinsbelasting in 'n diskresionêre trust te bespreek en te bereken;
- ☐ die verwantepersoneel wat met 'n trust en kapitaalwinsbelasting verband hou, te bespreek;
- ☐ die kapitaalwins wat aan die volgende toegeskryf word, te bereken:
  - 'n gade;
  - 'n ouer van 'n minderjarige kind;
  - onderworpe aan voorwaardelike vestiging van regte;
  - onderworpe aan herroepbare vestiging van regte;
  - gevestig in 'n nie-inwoner;
  - buitelandse trusts; en
  - trust begunstigde;
- ☐ Artikel 7 van die Wet op Inkomstebelasting toe te pas;
- ☐ te bespreek wanneer winste as 'n ander s'n geag word;
- ☐ Artikel 25B van die Wet op Inkomstebelasting op die volgende toe te pas:
  - geleidingspypbeginsel;
  - aftrekkings ten opsigte van trustinkomste;
  - kapitale verdeling van aflandige trusts; en
  - geagte rente van aflandige lenings;
- ☐ kortliks die reël teen ewigdurende regte en die reël teen onvervreemdbaarheid te verduidelik;
- ☐ die oordragkoste-implikasies wat met trusteïendom verband hou, te bereken;
- ☐ kortliks die bepaling van Artikel 25B en paragraaf 80 van die Wet op Inkomstebelasting, wat met buitelandse trusts en Suid-Afrikaanse belasting verband hou, te bespreek;
- ☐ die werking van Kollektiewe Beleggingskemas en Trustmaatskappye te verstaan; en
- ☐ Kollektiewe Beleggingskemas in Finansiële Beplanning te implementeer.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

LBT13714 sal opsommenderwys die volgende behandel:

- ☐ die reg wat op trusts betrekking het;
- ☐ die aard van 'n trust;
- ☐ die partye tot 'n trust en die pligte en bevoegdheid van die partye;
- ☐ belastingimplikasies van trusts; en
- ☐ trusts en finansiële beplanning.

Die doel met hierdie kursus is om die student met die bogenoemde onderwerpe en ook met die toepassing in die praktyk vertrou te maak. Ten einde hierdie doel te bereik, word daar van formele lesings, elektroniese skyfies, handboeke, wetgewing, besprekings oor regspraak en artikels en selfstudie gebruik gemaak.

## **LCON2614 Kontraktereg**

Die module **LCON2614** Kontraktereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Kontraktereg is 'n onderafdeling van die Privaatreg, wat die student voorberei op 'n handel- en regswêreld wat hoofsaaklik deur kontrakte gereguleer word. Die module sal die student in staat stel om te bepaal watter dokument 'n geldige kontrak daar sal stel en watter vereistes aan die ontstaan van 'n geldige kontrak gekoppel word.

Die tweede gedeelte van die kursus handel oor kontrakbreuk, en in groter besonderhede watter handelinge kontrakbreuk daarstel, asook die remedies wat vir die verskillende vorme van kontrakbreuk beskikbaar is. Ten slotte stel die kursus die student in staat om geïntegreerde kennis rakende die regte en verpligtinge van kontraktante op te doen, en wanneer sodanige regte en verpligtinge oorgedra word.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

- ☐ die ontstaanvereistes vir geldige kontrakte, waaronder verskillende teorieë vir die bepaling van wilsooreenstemming, asook die plek en tyd van die ontstaan van 'n kontrak;
- ☐ die verskillende vorme van kontrakbreuk, hulle vereistes en gevolge;
- ☐ die moontlike remedies na kontrakbreuk; en
- ☐ die voldoening aan en oorgang van regte en verpligtinge in terme van kontrakte.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LCPR2624 Strafprosesreg**

Die module **LCPR2624** Strafprosesreg (16 krediete) word in die Departement Proses- en Bewysreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal met deurlopende verwysing na die grondwetlike impak aan die basiese beginsels en konsepte van strafpraktyk bekendgestel word bekendgestel word.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die geselekteerde algemene beginsels van die strafproses te analiseer;
- ☐ die voorverhoorfase te analiseer;
- ☐ die verhoorfase te analiseer;
- ☐ die vonnisfase te analiseer; en
- ☐ die remedies na uitspraak en vonnis te analiseer.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse en werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LCRM1514 Strafreë**

Die module **LCRM1514** Strafreë (16 krediete) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente word bekendgestel aan:

- ☐ wat die Strafreë behels en die plek daarvan in die totale regstelsel;
- ☐ die elemente van 'n misdad; en
- ☐ die praktiese implikasies van die Grondwet op die Strafreë.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis insake die volgende te toon:

- ☐ die plek van die Strafreë;
- ☐ die naspoor en lees van 'n strafsak; en
- ☐ die elemente van die misdad.
- ☐ die plek van Strafreë in die Suid-Afrikaanse Regstelsel;
- ☐ die abstrahering van die vernaamste inligting uit 'n gerapporteerde strafuitspraak;
- ☐ die ontleding van die besondere elemente van 'n misdad; en
- ☐ die ontleding en beantwoording van 'n gegewe feitesituasie met verwysing na teoretiese kennis sowel as die toepaslike regspraak.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LCRM1524 Strafreë**

Die module **LCRM1524** Strafreë (16 krediete) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente word bekendgestel aan:

- ☐ watter handelinge misdade uitmaak en welke elemente teenwoordig moet wees voordat dit 'n misdad daarstel;
- ☐ die onderskeie misdade in die Suid-Afrikaanse reg; en
- ☐ die praktiese implikasies van die Grondwet op die Strafreë.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis insake tot die volgende te toon:

- ☐ die deelnemingsleer;
- ☐ die onvoltooide misdad;
- ☐ Spesifieke misdade:
  - ☐ misdade teen die staat en die regspleging;
  - ☐ misdade teen die gemeenskap;
  - ☐ misdade teen die persoon; en
  - ☐ misdade teen eiendom.

Suksesvolle studente sal in staat wees om:

- ☐ besondere misdade te identifiseer;
- ☐ misdade te ontleed ten aansien van die besondere elemente van elk;
- ☐ moontlike verwere in 'n aanklag rakende sodanige misdade te identifiseer; en
- ☐ standpunte in hierdie verband met verwysing na die regspraak te motiveer.

#### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse en werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

---

### **LCRM2614 Strafred**

Die module **LCRM2614** in Strafred (16 krediete) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied.

#### *Beskrywing en doel van kursus*

Die doel met hierdie module is die bemeestering van kennis en begrip van 'n seleksie van misdade en die basiese beginsels van vonnisoplegging. Daar word van studente verwag om die verkrygte kennis toe te pas, te ontleed, te integreer en te evalueer.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ 'n geïntegreerde geheelbeeld van die Strafred te gee;
- ☐ die elemente van die voorgeskrewe misdade te identifiseer, te ontleed en te vergelyk;
- ☐ regsprobleme in verband met die voorgeskrewe misdade te identifiseer en oplossings te formuleer;
- ☐ basiese regsadvies te verskaf ten opsigte van die voorgeskrewe misdade rakende die sukses van 'n strafregtelike vervolging; en
- ☐ 'n geïntegreerde geheelbeeld van die basiese beginsels van vonnisoplegging te gee.

#### *Assessering*

Beide formatiewe (bv. toetse en werksopdragte, klasvoordragte, aanlyn-opdragte) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

---

### **LCSP4814 Capita Selecta uit die Privaatreg**

Die module **LCSP4814** Capita Selecta uit die Privaatreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

*Kennis van Kontraktereg, Deliktereg, Sakereg en Erfreg word veronderstel.*

#### *Beskrywing en doel van kursus*

Die module beslaan die velde Verryking, Estoppel en Huurreg. Studente sal toegerus word met spesialiskennis op die terrein van die verrykingsreg ten einde hulle in staat te stel om die verskuiwing van vermoë sonder 'n regsgeldige oorsaak te identifiseer en krities te ontleed met die oog op:

- ☐ die vasstelling van verrykingsaanspreeklikheid op 'n algemene beginselgrondslag;
- ☐ die klassifisering van die laat-klassieke verrykingsaksies; en
- ☐ die aanwending van kasuïstiese ad hoc-uitbreidingsgevalle.

Studente sal met spesialiskennis op die terrein van Estoppel toegerus word ten einde hulle in staat te stel om die verweer, wat steun op die skynverwekking tot die misleide se nadeel, te identifiseer en krities te ontleed met die oog op:

- ☐ die aanwending van die verweer om die skynverwekker te stop om op die waarheid te steun;
- ☐ die verkryging van eiendomsreg en die aanvulling van konsensus by kontrakte deur Estoppel krities te ondersoek; en
- ☐ die aanwending van die nuttige verweer as deel van die materiële reg te ondersoek.

Studente sal voorts toegerus word met spesialiskennis op die terrein van die huurreg ten einde hulle in staat te stel om:

- ☐ die *essentialia* van die huurkontrak te identifiseer;
- ☐ die regte en verpligtinge van die betrokke partye te identifiseer;
- ☐ remedies tot beskikking van die betrokke partye toe te pas; en
- ☐ kernkonsepte rakende die vakgebied te identifiseer.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Verryking:

- ☐ begripspresisering met betrekking tot die grondslag van verryking, objektiewe regsgronde, ongeregverdigde kousale vermoëns-verskuiwing, retensieregte, sakeregtelike en kontrakregtelike begrip;
- ☐ 'n algemene verrykingsaksie;
- ☐ klassieke verrykingsaksies; en
- ☐ ad hoc-uitbreidings ten einde kasuïsties vir nuwe gevalle voorsiening te maak.

Estoppel:

- ☐ Begripspresisering met betrekking tot die grondslag van Estoppel, skynverwekking, verandering van regsposisie en vorm van skuld waarskynlik benodig.
- ☐ Elemente van Estoppel, soos skynverwekking, skuld, kousaliteit en benadeling.
- ☐ Aanwendingsmoontlikhede.
- ☐ Beperkings op Estoppel.

Huurreg:

- ☐ Algemene beginsels van die Kontraktereg.
- ☐ Wesenselemente van die huurkontrak.
- ☐ Partye tot 'n huurkontrak se onderskeie regte, verpligtinge en remedies in geval van kontrakbreuk.
- ☐ Algemeen voorkomende begrippe in huurkontrakte.

#### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ probleemstellings oor *sine causa* vermoënsverskuiwings en gevalle van skynverwekking tot die misleide se nadeel te identifiseer en op te los;
  - ☐ begrippe rakende ongeregverdigde verryking, *res judicata*, Estoppel en aanverwante leerareas te analiseer, te onderskei en verbande tussen hulle te lê;
  - ☐ op 'n effektiewe, verstaanbare en logiese wyse te kommunikeer ten einde aan parate kennis uitdrukking te gee;
  - ☐ die bestaan al dan nie van 'n geldige huurkontrak te bepaal;
  - ☐ probleme rondom die afdwing van regte en verpligtinge voortvloeiend uit die huurkontrak op te los; en
  - ☐ belangrike toepaslike beginsels te interpreteer en toe te pas
- 

### **LCVP4814 Siviele prosesreg**

Die module **LCVP4814** Siviele Prosesreg (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

#### *Beskrywing en doel van kursus*

Die kursus stel die student aan alle fasette rakende die uitvoering van enige siviele proses in die Suid-Afrikaanse reg bekend. Die doel van die kursus is om die student toe te rus met kennisuitkomstes rakende:

- ☐ die verskillende howe en hul onderskeie jurisdiksie;
- ☐ verskillende eisoreasake en die formulering daarvan;
- ☐ die partye tot siviele gedingvoering en die sitering van die partye en pleitstukke en kennisgewings;
- ☐ die verskillende vorme van siviele gedingvoering;
- ☐ die verloop van die proses;
- ☐ enige tussentydse stappe;
- ☐ voorbereiding vir verhoor;
- ☐ die verhoor; en
- ☐ appëlle en hersienings.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis en praktiese vaardighede vir die toepassing van daardie kennis insake die volgende te toon:

- ☐ jurisdiksie;
- ☐ *locus standi in iudicio*;
- ☐ aansoekprosedure en aksieprosedure;
- ☐ interdikte;
- ☐ verloop van die siviele proses, sowel verdedig as onverdedig;
- ☐ aanmaning as eerste stap en berekening van tydperke;
- ☐ vonnis by verstek;
- ☐ verweerskrif en teeneis;
- ☐ tussentydse prosedure;
- ☐ voorverhoorprosedure;
- ☐ verhoor;
- ☐ koste;
- ☐ uitwinning; en
- ☐ appël en hersiening.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LDAM4814 Skadevergoedingsreg**

Die module **LDAM4814** Skadevergoedingsreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ skade en skadevergoeding te onderskei en te definieer;
- ☐ die inhoud, vasstelling en bepaling van skade en skadevergoeding te verstaan en toe te pas;
- ☐ tussen die aard en vasstelling van vermoënskade en nie- vermoënskade te onderskei;
- ☐ 'n duidelike begrip van toekomstige skade en *lucrum cessans* te hê; en
- ☐ 'n grondige kennis te hê van beperkingsreëls op skade en skadevergoeding (soos voordeeltokenning, mitigasieplig, aanspreeklikheidsbeperking (d.m.v. kousaliteit) en statutêre beperkings).

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

- ☐ algemene inleiding met betrekking tot vermoënskade en nie-vermoënskade;
- ☐ die aard en omvang asook die berekening van skade en skadevergoeding;
- ☐ die abstrakte sommeskadeformule in kontras met die konkrete benadering;
- ☐ gerealiseerde en verwagte verliese en die “vir eens en vir altyd” (*once and for all*) benadering;
- ☐ kwantifisering van skadevergoeding; en
- ☐ reëls ter beperking van die omvang van aanspreeklikheid vir skadevergoeding.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LEIL4824 Elektroniese en Internetreg**

Die module **LEIL4824** Elektroniese en Internetreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Die module het ten doel om die student bekend te stel aan die aard van Elektroniese en Internetreg, die tegniese werking en terme, die aanspreeklikheid van diensverskaffers, wetgewing insake telekommunikasie, die werking van elektroniese transaksies, kriptografie en waarmerking. Aanlyn verbruikersbeskerming, elektroniese betalings, belasting, vryheid van spraak en privaatheid word ook aangespreek. Die strafreg, immaterieelgoederebeskerming en aanlyn geskilbeslegting vorm ook deel van die module.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die direkte en indirekte invloed van elektroniese reg op sake, onderwys, vermaak, kommunikasie en misdaad te kan identifiseer;
- ☐ die nasionale, oorgrens- en internasionale beskerming teen elektroniese misdrywe te kan verduidelik;
- ☐ die grondwetlike regte met verwysing na vryheid van spraak en die reg op privaatheid in inligtingstechnologie te kan aanpas;
- ☐ die werking van e-handel met verwysing na digitale handtekeninge, immaterieelgoedere, name van webtuistes, belasting, kontrakte, aanlynbetalings en delikte te kan bespreek;
- ☐ kliënte oor verbruikersbeskerming op die internet te kan adviseer;
- ☐ die toepassing van telekommunikasiewetgewing te kan bespreek;
- ☐ strafregtelike bepalinge te kan identifiseer en te kan toepas; en
- ☐ die moontlikhede van aanlyngeskilbeslegting as 'n alternatief vir tradisionele litigasie te ondersoek.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LENV4824 Omgewingsreg**

Die module **LENV4824** Omgewingsreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal bekendgestel word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Omgewingsreg, die vernaamste omgewingswetgewing en die praktiese implikasies daarvan.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te verstaan en krities te evalueer, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die aard en inhoud van die Omgewingsreg;
- ☐ nasionale en internasionale bronne van die Omgewingsreg;
- ☐ die grondwetlike reg op die omgewing;
- ☐ raamwerkwetgewing op die omgewing;
- ☐ die reg met betrekking tot bepaalde omgewingstemas, soos natuurbewaring, water- en lugbesoedeling, afvalbestuur en mynbou; en
- ☐ die algemene beginsels van afvalbestuur.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.



## **LEVD2624 Bewysreg**

Die module **LEVD2624** Bewysreg (16 krediete) word in die Departement Proses- en Bewysreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente word bekendgestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Bewysreg en die praktiese implikasies daarvan, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente behoort by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ inleiding tot die Bewysreg;
- ☐ beginsels in die Bewysreg;
- ☐ aanbieding van getuienis; en
- ☐ grondwetlike aspekte.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LFAM1524 Familiereg**

Die module **LFAM1524** Familiereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak, aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Familiereg en die praktiese implikasies daarvan bekendgestel word.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om (met inagneming van konstitusionele waardes) begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die vereistes vir verlowings, huwelike en burgerlike verbintenisse;
- ☐ die regserkenning van huishoudelike deelgenootskappe ("domestic partnerships");
- ☐ die verskillende huweliksgoederestelsels;
- ☐ die voorgeskrewe formaliteitsvereistes en die inhoudsbepalings van voorhuwelikse kontrakte; en
- ☐ die beëindiging van die huwelik/burgerlike verbintenis en die regsgevolge van sodanige beëindiging.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LFPE1514 Finansiële Beplannings Ekonomie**

Die module **LFPE1514** (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal, met deurlopende verwysing na die impak van Ekonomie, bekendgestel word aan die basiese beginsels, begrippe en praktiese implikasies van Finansiële Beplanning.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

By suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om die relevante begrippe en beginsels te assimileer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ ekonomiese krisis van ons tyd
- ☐ die funksionering van 'n ekonomie
- ☐ sosio-ekonomiese ontwikkeling
- ☐ die ooreenstemmende ekonomiese idees, teorieë en stelsels
- ☐ ekonomie as 'n wetenskap

### *Assessering*

Assessering om te bepaal of die student die module-uitkomst behaal het, vind formatief (quizzes) en summatief (eksamen) plaas.

---

## **LFPE1524 Finansiële Beplannings Ekonomie**

Die module **LFPE1524** (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal, met deurlopende verwysing na die impak van Ekonomie, bekendgestel word aan die basiese beginsels, begrippe en praktiese implikasies van Finansiële Beplanning.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

By suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om die relevante begrippe en beginsels te assimileer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ makro-ekonomiese indikatore
- ☐ gebruikmaking van Nasionale rekenings
- ☐ hoe om die monetêre sektor te identifiseer en te illustreer
- ☐ rentekoerse
- ☐ die toepassing van die komponente van totale uitgawe
- ☐ die rol van die regering in die makro-ekonomie
- ☐ reële en monetêre sektore
- ☐ monetêre en fiskale beleid

### *Assessering*

Assessering om te bepaal of die student die module-uitkomst behaal het, vind formatief (quizzes) en summatief (eksamen) plaas.

---

## **LFPL1514 Finansiële Beplanningsreg**

Die module **LFPL1514** Finansiële Beplanningsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg by die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

- ☐ Verstaan en verduidelik die terme finansiële beplanners, finansiële beplanning, finansiële dienste, ens.
- ☐ Bespreek en sit die finansiële beplanningsproses uiteen. Waar van toepassing, verwys na toepaslike vereistes van die Wet op Finansiële Adviseurs en Intermediêre Dienste, 37 van 2002.
- ☐ Bepreek kortliks die inligting wat van 'n kliënt benodig word om in staat te wees om 'n finansiële plan vir die kliënt op te stel.
- ☐ Bespreek waarom dit belangrik is om 'n begroting op te stel, asook die voordele daaraan verbonde en die stappe daartoe.
- ☐ Verduidelik kortliks die verskillende tipes krediet, bv. verbruikerrekeninge, winkelkrediet, winkelleninge, kredietkaarte, oortrokke fasiliteite en 'n persoonlike rekening.
- ☐ Onderskei tussen nominale rentekoerse en 'n effektiewe rentekoers.
- ☐ Bespreek kortliks noodfondse aan jou kliënt.
- ☐ Bespreek kortliks enige kapitale tekortkominge wat by dood of ongeskiktheid mag voorkom.
- ☐ Bespreek kortliks die spesiale finansiële beplanningsbehoefte wat van toepassing kan wees by egskeding of indien die kliënt sy/haar werk verloor en die verskillende aspekte wat in ag geneem sal moet word.
- ☐ Lys die redes vir die belang van besigheidsetiek en die algemeenste etiese probleme.
- ☐ Bespreek die terme nakoming, regsrisiko en nie-nakoming, asook die redes en doelwitte van nakomingswetgewing en die gevolge van nie-nakoming.
- ☐ Bespreek die funksie en doel van regulerende liggame.
- ☐ Beskryf en verstaan die konsepte FPI, FPSB en CFP.
- ☐ Beskryf die ekonomiese faktore wat 'n impak het op beleggings.
- ☐ Ken die relevante hofsake en FAIS ombudbeslissings rakende verbruiker-beskerming.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

- ☐ Finansiële Beplanningskonsepte
- ☐ Ekonomiese Terme
- ☐ Relevante Wetgewing.
- ☐ Hofsake

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LFPL1524 Finansiële Beplanningsreg**

Die module **LFPL1524** Finansiële Beplanningsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg by die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die belangrikste aspekte van die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel te verstaan;
- ☐ die basiese werking van mediese skemas te verstaan;
- ☐ die basiese bepalings van die Wet op Mediese Skemas en die reëls daarvan te ken en toe te pas;
- ☐ die basiese beginsels van gesondheidsorg te ken en toe te pas;
- ☐ 'n basiese kennis en verstaan van beleggingsinstrumente, -produkte en -beplanning en die toepassing van hierdie beginsels te hê; en
- ☐ 'n basiese kennis en verstaan van aftreefondse, -voordele en -beplanning en die toepassing van hierdie beginsels te hê.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

- ☐ Gesondheidsorg
- ☐ Basiese Beleggingsbeplanning
- ☐ Basiese Aftreebeplanning
- ☐ Relevante Wetgewing
- ☐ Hofsake

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

---

## **LFPL2614 Finansiële Beplanningsreg**

Die module **LFPL2614** Finansiële Beplanningsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg by die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ 'n algemene begrip van etiek in die finansiële dienstebedryf te hê, die konsep nakoming te verstaan, die gevolge van nie-nakoming, asook die rol van die verskillende regulerende liggame in die regulerende omgewing te verstaan.
- ☐ 'n uitgebreide kennis van nakomingwetgewing en toepaslike regspraak te toon insluitend:
  - die bepalings van die Polishouerbeskermingsreëls kragtens sowel die Langtermynversekeringswet, 52 van 1998, as die Korttermynversekeringswet, 53 van 1998.
  - die bepalings van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 37 van 2002, en die Algemene Gedragskode, in besonder met betrekking tot die rol van die Registrateur van Finansiële diensverskaffers, die magtiging, verteenwoordigers en pligte van finansiële diensverskaffers, die afdwing van die Wet en die strawwe vir nie-nakoming;

- die bepalings van die Wet op Georganiseerde Misdaad, 121 van 1998, in besonder die geldwasseryoortredings in die Wet en die rol van die finansiële beplanner in die voorkoming van geldwassery; en
  - die bepalings van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 38 van 2001, in besonder met betrekking tot die pligte van verantwoordings-pligtige instellings, die rol van die geldwasseryrapporterings-beampte, die geldswassery-beheermaatreëls en die stappe wat 'n finansiële beplanner moet neem in die lig van die pligte wat in die Wet opgelê word;
- ☐ 'n uitgebreide kennis van die aanspreeklikheid van die finansiële beplanner as werknemer en as 'n onafhanklike finansiële beplanner en die pligte tot sorg en vaardigheid te toon, insluitend die toepaslike regspraak;
  - ☐ 'n algemene begrip van die konsep persoonlikerisikobestuur te hê; en
  - ☐ 'n uitgebreide kennis van geselekteerde bepalings van die Nasionale Kredietwet, 68 van 2008, en toepaslike regspraak te toon.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

- ☐ Etiek
- ☐ Nakoming
- ☐ Die regulerende raamwerk in die finansiële dienstebedryf
- ☐ Persoonlikerisikobestuur
- ☐ Langtermyn- en Korttermynversekering
- ☐ Relevante Regspraak

#### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesserings-metodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

### **LFPL2624 Finansiële Beplanningsreg**

Die module **LFPL2624** Finansiële Beplanningsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg by die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied.

#### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die basiese beginsels van rente te verstaan;
- ☐ die verskil tussen enkelvoudige- en saamgestelde rente te verstaan;
- ☐ te weet hoe om finansiële berekeninge te doen van sowel die *Hewlett Packard 10B* as *Sharp EL -731* gebruik te maak;
- ☐ te weet hoe om huidige waardes, toekomstige waardes en herhaalde betalings in verskillende gevalle te bereken;
- ☐ tussen die verskillende tipes belasting in Suid-Afrika te kan onderskei;
- ☐ 'n kliënt se belastingaanspreeklikheid te kan bereken;
- ☐ "belasbare inkomste" te kan bereken deur alle bedrae behoorlik in te sluit en af te trek;
- ☐ 'n kliënt te kan adviseer onder watter omstandighede so persoon vir belastingdoeleindes "woonagtig" sal wees;
- ☐ te bepaal wanneer inkomste deur 'n persoon of trust gemaak, geag word iemand anders s'n te wees;
- ☐ die aanspreeklikheid van 'n persoon vir kapitaalwinstbelasting te kan bereken, deur seker te maak dat alle uitsluitings en oorrolle in ag geneem is;
- ☐ eiendom vir die doeleindes van die basiskoste van 'n kapitale bate te kan waardeer;

- ☐ te kan bepaal wanneer 'n kapitale wins deur 'n persoon of trust gemaak, 'n ander persoon s'n geag kan word;
- ☐ om basiese boedelbelastingberekening te kan uitvoer;
- ☐ om 'n persoon se aanspreeklikheid vir skenkingsbelasting te kan bepaal;
- ☐ te kan adviseer watter oordragskoste betaalbaar word wanneer 'n persoon eiendom na 'n ander oordra en ook watter vrystellings beskikbaar is;
- ☐ te kan adviseer wanneer seëlregte betaalbaar word en watter vrystellings beskikbaar is;
- ☐ te kan bepaal wanneer en deur wie vaardigheidsontwikkelings-fooie betaalbaar is en ook watter vrystellings beskikbaar is; en
- ☐ oor die heffing van ongesertifiseerde sekuriteitebelasting te kan adviseer.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

- ☐ Enkelvoudige en Saamgestelde Rente
- ☐ Finansiële Berekeninge
- ☐ Inkomstebelasting
- ☐ Kapitaalwinsbelasting
- ☐ Boedelbelasting
- ☐ Skenkingsbelasting
- ☐ Oordragskoste
- ☐ Seëlregte
- ☐ Ongesertifiseerde Sekuriteitebelasting

#### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

### **LFPL3714 Finansiële Beplanningsreg (Boedelbeplanning)**

Die module **LFPL3714** Finansiële Beplanningsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg by die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied.

#### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om die volgende te doen:

- ☐ Definieer 'erfopvolgingbeplanning'.
- ☐ Definieer 'boedelbeplanning'.
- ☐ Dui aan op wie die Boedelbelastingwet, 45 van 1955, van toepassing is.
- ☐ Dui aan watter eiendom in die berekening van boedelbelasting in ag geneem moet word.
- ☐ Dui aan hoe die 'belasbare bedrag' vir boedelbelastingdoeleindes bepaal word.
- ☐ Verstaan beperkte reg en bereken die waarde van beperkte reg.
- ☐ Dui aan hoe eiendom en geagte eiendom vir boedelbelastingdoeleindes gewaardeer moet word.
- ☐ Noem en bespreek kortliks die aftrekkings wat in die berekening van die belasbare bedrag vir boedelbelastingdoeleindes toegelaat word.
- ☐ Bespreek kortliks wat 'boedelsamesmelting' beteken.
- ☐ Verduidelik wat bedoel word met die "restant" van die boedel en bereken die restant.
- ☐ Verduidelik die korting beskikbaar wanneer boedelbelasting bereken word.
- ☐ Bespreek die korting vir snelle erfopvolging.
- ☐ Bespreek watter persone vir boedelbelasting aanspreeklik kan wees.

- ☐ Bespreek kortliks die invloed wat kapitaalwinsbelasting op boedelbelasting het.
- ☐ Bereken kapitaalwinsbelasting by die dood van die persoon en in die boedel.
- ☐ Bespreek die probleem rakende die likiditeit van 'n boedel as gevolg van kapitaalwinsbelasting en die betaling van kapitaalwinsbelasting deur die erfgename.
- ☐ Bereken boedelbelasting.
- ☐ Definieer 'n gade kragtens die Inkomstebelastingwet en die Boedelbelastingwet.
- ☐ Verduidelik waarom die definisie van 'n 'gade' vir die finansiële beplanner belangrik is.
- ☐ Verstaan en pas die verskillende huweliksgoederebedelings toe.
- ☐ Bereken 'n aanwaseis.
- ☐ Bespreek die belang daarvan om 'n testament te hê.
- ☐ Bespreek die formaliteite wat vereis word om 'n wettige testament te verly.
- ☐ Dui aan onder watter omstandighede 'n hof 'n testament wettig kan verklaar.
- ☐ Dui aan wie uit 'n testament bevoordeel mag word.
- ☐ Bespreek kortliks die bepalinge van Artikel 2C (1) en (2) van die Wet op Testamente.
- ☐ Bespreek kortliks wat die Wet op Testamente insake vererwing by gewese gades bepaal.
- ☐ Dui aan wie 'n testament mag verly.
- ☐ Verduidelik hoekom 'n trust 'n gewilde middel is vir boedelbeplanning.
- ☐ Definieer 'n trust.
- ☐ Bespreek die partye van 'n trust.
- ☐ Bespreek die verskillende soorte trusts.
- ☐ Verduidelik hoe 'n trust geskep word en bespreek die wetlike aard van 'n *inter vivos* en 'n testamentêre trust.
- ☐ Dui aan of 'n trust as 'n 'persoon' beskou word en bespreek die "eienaarskap" van trusteeendom.
- ☐ Noem die noodsaaklike vereistes vir die opstel van 'n geldige testament.
- ☐ Bespreek kortliks die aanstelling van trustees.
- ☐ Bespreek die pligte van 'n trustee.
- ☐ Bespreek die mag van 'n trustee.
### Assessering

Assessering om te bepaal of die student die module uitkomst behaal het, vind plaas in die vorm van formatiewe (toetse en werkstukke) en summatiewe (eksamen) assessering.

---

## LPIL4814 Internasionale Privaatreg

Die module **LPIL4814** Internasionale Privaatreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

### Beskrywing en doel van kursus

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die ontstaan van 'n internasionaal privaatregtelike probleem te identifiseer;
- ☐ die terminologie en soorte internasionale privaatregeëls toe te pas;
- ☐ die opeenvolgende stadiums in 'n internasionale privaatregtelike geskil te bepaal;
- ☐ konseptuele probleme in die Internasionale Privaatreg op te los;
- ☐ die bepaling en bewys van vreemde reg toe te pas;
- ☐ die verwysingspunte in die verskillende kategorieë probleemgebiede te identifiseer en toe te pas;
- ☐ die oplossingsmoontlikhede aan die hand van die *leges causae* vas te stel; en

- ☐ die materiële oplossing vir 'n internasionale privaatregtelike geding in die finale plek te verskaf.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

- ☐ Inleiding tot die Internasionale Privaatreg
- ☐ Klassifikasie
- ☐ Leerstuk van *Renvoi*
- ☐ Capita Selecta uit die Internasionale Privaatreg, o.a. die Personereg, Familiereg, Kontrakereg, Deliktereg, Sakereg en Erfreg
- ☐ *Leges causae*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ regsprobleme waar verskillende lande se regstelsels ter sprake is, te identifiseer.
- ☐ vreemde reg deur middel van die verwysingsbegrip en -reël te bepaal;
- ☐ vreemde reg te bewys; en
- ☐ probleme rakende privaatregtelike aspekte met vreemde feite met behulp van internasionale privaatregtelike reëls en materiële reg op te los.

#### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

### **LPIL2624 Praktiese Versekeringsreg**

Die module **LPIL2624** Praktiese Versekeringsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

#### *Beskrywing en doel van die kursus*

Studente sal bekendgestel word aan die basiese beginsels van die Versekeringsreg. Die doel van die kursus is daarop gemik om die studente toe te rus om basiese konsepte soos partye tot die kontrak, die regte van die partye tot die kontrak, begunstigde nominasies onder die kontrak, sessies en subrogasie, sowel as die praktiese toepassing en gebruik van versekeringskontrakte in ooreenstemming met die kliënt se spesifieke benodighede te verstaan.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om die beginsels en konsepte bymekaar te maak, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer betreffende

- ☐ die Wet op Langtermynversekering;
- ☐ die Wet op Korttermynversekering;
- ☐ die inhoud van die versekeringskontrak;
- ☐ die partye tot die versekeringskontrak;
- ☐ begunstigde klousules en genomineerde begunstigdes;
- ☐ die implikasies van 'n gebeurtenis onder 'n versekeringskontrak; en
- ☐ die administrasie van die toepassing van die eis.

#### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

## **LPLU2624 Regspluralisme**

Die module **LPLU2624** Regspluralisme (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

*Kennis van Inleiding tot die Reg, Personereg, Familiereg en Erfreg word veronderstel.*

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Regspluralisme en die praktiese toepassing daarvan met verwysing na die invloed van die Grondwet bekendgestel.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die basiese kenmerke, historiese oorsig en erkenning van regs-pluralisme en gewoontereg;
- ☐ die verskaffing van basiese regsadvies rakende die grondwetlike implikasies van gewoontereg;
- ☐ die korrekte hantering van interne regsconflik;
- ☐ die toepassing van die gewoontereg op privaatregtelike aan-geleenthede, nl.:
  - Personereg;
  - Familiereg en siviele huwelike;
  - Deliktereg;
  - Opvolgingsreg; en
  - Kontrakte- en Sakereg;
- ☐ begrip vir die rol van tradisionele leiers;
- ☐ die gebruik van gewoonteregtlike hofstrukture; en
- ☐ kennis insake die algemene grondslae van en huweliksreg in godsdienstige regstelsels.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LPRC1512 Regspraktyk**

Die module **LPRC1512** Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die behoefte aan professionele etiek te begryp;
- ☐ professionele etiek te definieer;
- ☐ die struktuur van en toelating tot die georganiseerde professie te beskryf;
- ☐ die belang van die Getrouheidswaarborgfonds te verstaan;
- ☐ die basiese beginsels van toepassing op die verhouding tussen prokureur en kliënt te bespreek;
- ☐ die etiese kode vir studente te analiseer;
- ☐ die FIRAC-model op 'n feitestel te kan toepas;
- ☐ basiese bewerkings te doen wat algemeen in die regsprofessie gebruik word.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Die student sal in staat wees om die volgende vaardighede te bemeester:

- ☐ die FIRAC-model;
- ☐ skryfvaardighede; en
- ☐ numeriese vaardighede.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LPRC1522 Regspraktyk**

Die module **LPRC1522** Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ 'n regsopinie te skryf;
- ☐ tussen 'n regsopinie en betoogshoofde te onderskei;
- ☐ 'n kort mondelinge betoog te lewer;
- ☐ verwysings volgens die Tydskrif vir Regswetenskap se voorskrifte te doen.
- ☐ 'n onderhoud met 'n kliënt te voer;
- ☐ 'n basiese brief vir 'n kliënt te skryf; en
- ☐ 'n beëdigde verklaring op te stel.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Die student sal in staat wees om die volgende vaardighede te bemeester:

- ☐ Die FIRAC-model
- ☐ Skryfvaardighede
- ☐ Kommunikasievaardighede
- ☐ Betoogvaardighede
- ☐ Onderhoudvaardighede
- ☐ Navorsingsvaardighede

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LPRC2514 Regspraktyk**

Die module **LPRC2514** Regspraktyk (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van rekenaarvaardighede en skryfvaardighede bekendgestel. Die kursus het ten doel om studente deur middel van die gebruik van regsverwante vakinhoud in basiese rekenaarvaardighede en skryfvaardighede toe te rus. Om die basiese vaardigheidsvereistes vir 'n regsgegradeerde te bereik en vas te lê, word formele lesings, groepwerk, individuele opdragte en assessering gebruik.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Die student moet sekere rekenaarvaardighede bemeester, insluitend:

- ☐ die gebruik van bronne, wat insluit hardekopie-soektogte en databasisse;
- ☐ internetgebruik, wat insluit 'n oorsig, toekoms, verandering, navigasie, evaluering, regswebwerwe, e-pos.

Aandag word in die besonder geskenk aan:

- (1) die gebruik van eenvoudige taal in skryfwerk;
- (2) riglyne soos basiese formaat, skryfstyl, klem en doel van dokumente;
- (3) reëls om in ag te neem om te verduidelik wat werklik bedoel word;
- (4) oortuigende en voorspellende regs skryfwerk; en
- (5) aspekte van regsopstelwerk.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het, met die klem op skriftelike opdragte gebaseer op klas-aktiwiteite soos in die lesings bepaal.

---

## **LPRC3712 Regspraktyk**

Die module **LPRC3712** Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Die doel is om studente toe te rus om die arbeidsreg prakties te kan toepas en die module bestaan uit die volgende:

- ☐ die opstel van 'n dienskontrak en die onderskeid tussen verwante ooreenkomste;
- ☐ die opstel van grieweprosedure en dissiplinêre kodes;
- ☐ die verwysing van 'n geskil vir beslegting;
- ☐ die voltooi en opstel van dokumentasie;
- ☐ KVBA-litigasie;
- ☐ die toepassing van die Wet op Gelyke Indiensneming; en
- ☐ die opstel van 'n regstellende-aksieplan en -verslag.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om die arbeidsreg prakties toe te pas deur probleme te identifiseer en oplossings aan die hand van wetgewing en regspraak te formuleer. Studente behoort dienskontrakte, kodes en

aansoeke te kan opstel, KVBA dokumentasie behoorlik te kan voltooi en 'n volledige uiteensetting van die dissiplinêre proses te kan gee.

#### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

---

### **LPRC3722 Regspraktyk**

Die module **LPRC3722** Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

#### *Beskrywing en doel van kursus*

Die kursus bestaan uit twee dele. Die eerste deel het ten doel om studente op die skryf van die Navorsingsverslag (LTHE4824) voor te berei en behels die voorbereiding en registrasie van 'n titel vir die Navorsingsverslag en die navorsing en skryf van die Navorsingsverslag. Die tweede deel van die kursus bou voort op etiek en professionele gedrag waaraan die student in die eerste studiejaar inleidend blootgestel is.

Doel (1) – Studente word aan die vereistes vir die doen van regsnavorsing bekendgestel en in die besonder voorberei om die Navorsingsverslag, 'n vereiste vir die graad LLB, te voltooi.

Doel (2) – Studente word verder aan die verpligtinge van die regspraktisyn bekendgestel, spesifiek met verwysing na verpligtinge voortvloeiend uit haar/sy verhouding met die kliënt, die hof, die publiek, die professionele liggame en kollegas.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

- ☐ vereistes vir registrasie van navorsingstitel;
- ☐ identifisering van navorsingstitel;
- ☐ navorsing en die skryf van die Navorsingsverslag; en
- ☐ die inhoud en praktiese toepassing van die regspraktisyn se professionele verantwoordelikheid teenoor die kliënt, die staat, die hof, die publiek, die professionele liggame en kollegas.

#### *Assessering*

Sowel formatiewe (n werkstuk en navorsingsvoortstel) as summatiewe (finale eksamen) assesseringsmetode sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

---

### **LPRC4812 Regspraktyk**

Die module **LPRC4812** Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

#### *Beskrywing en doel van kursus*

Die kursus bestaan uit die volgende afdelings:

- ☐ konsultasievaardighede;
- ☐ die skryf van regsbriefwe;
- ☐ die opstel van kennisgewings en pleitstukke; en
- ☐ praktykbestuur.



Die onderskeie doelstellings van die afdelings is om:

- ☐ die student toe te rus om deeglik te konsulteer;
- ☐ die student toe te rus om 'n professionele prokureursbrief te skryf;
- ☐ die student toe te rus om basiese regs kennisgewings en pleitstukke op te stel; en
- ☐ die student toe te rus met kennis en vaardighede wat vir praktykbestuur nodig is.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

- ☐ die doel van kliëntekonsultasies;
- ☐ die struktuur van 'n konsultasie;
- ☐ die doel van prokureursbriewe;
- ☐ die struktuur van prokureursbriewe;
- ☐ die doel van pleitstukke en kennisgewings;
- ☐ die struktuur van pleitstukke en kennisgewings;
- ☐ die doel van praktykbestuur; en
- ☐ die verskillende fasette van praktykbestuur.

#### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke en die doen van praktiese werk by die UV se Regskliniek) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

### **LPRC4822 Regspraktyk**

Die module **LPRC4822** Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

#### *Beskrywing en doel van kursus*

Die kursus handel oor praktiese egskedingslitigasie. Dit bevestig die bestaande kennis wat die student tydens die eerste studiejaar in Familiereg opgedoen het en gaan dan verder om die student in staat te stel om familiereg in die verskillende fasette van egskedingspraktyk prakties toe te pas.

#### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

- ☐ die keuse van huwelik of verbintenis;
- ☐ die gevolge van huweliksgoederebedelings;
- ☐ die verandering van huweliksgoederebedelings;
- ☐ jurisdiksie in egskedings en egskedingsaangeleenthede;
- ☐ die gronde vir egskeding;
- ☐ verdeling/oordrag van bates;
- ☐ beheer en toesig;
- ☐ onderhoud;
- ☐ pleitstukke en kennisgewings wat in die egskedingsaksie en verwante verrigtinge gebruik word;
- ☐ voorbereiding vir die verhoor van die bestrede egskeding; en
- ☐ advies ná egskeding.

#### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke en die doen van praktiese werk by die UV se Regskliniek) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

## **LPRO3724 Sakereg**

Die module **LPRO3724 Sakereg** (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Sakereg en die praktiese implikasies daarvan, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak, bekendgestel.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ inleiding tot Sakereg;
- ☐ eiendomsreg;
- ☐ besit en houserskap; en
- ☐ beperkte saaklike regte en ander regte in eiendom.

Al bogenoemde geskied teen die agtergrond van grondwetlike waardes.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LPSN1514 Personereg**

Die module **LPSN1514 Personereg** (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal toegerus word met spesialiskennis op die gebied van die Personereg.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die definisie van konsepte wat op die positiewe reg, subjektiewe regte, bevoegdheid en regsubjektiewe status betrekking het;
- ☐ die ontstaan en beëindiging van regsubjektiwiteit;
- ☐ die inhoud en omvang van regsubjektiwiteit; en
- ☐ faktore wat regstatus beïnvloed.

Al bogenoemde word gedoen met inagneming van grondwetlike waardes.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LPUB3714 Publiekreg**

Die module **LPUB3714** Publiekreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Suksesvolle studente sal toegerus wees met spesialiskennis en -vermoëns in die veld van die Publiekreg, fundamentele menseregte en konstitusionele organisasiereg.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ te weet en te verstaan wat met Publiekereg en Konstitusionele Reg bedoel word;
- ☐ die Konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika te ken;
- ☐ die basiese beginsels/waardes van die Nuwe Grondwetorde te verstaan;
- ☐ die bronne van die Staatsreg te ken;
- ☐ die begrip "menseregte", sowel as die verskillende teorieë rakende die interpretasie van die Handves van Menseregte te verstaan;
- ☐ die toepassing van menseregte te ken en te verstaan;
- ☐ met drie belangrike menseregte wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet verskans is, nl. die reg op lewe, godsdiensvryheid en die reg op vryheid van spraak bekend te wees;
- ☐ die regverdigbare beperking van regte te verstaan en toe te pas; en
- ☐ die basiese begrippe van die Organisasiereg te verstaan, veral en meer spesifiek, die samewerking tussen verskillende sfere van die regering; die wetgewende en uitvoerende bevoegdhede binne nasionale, provinsiale en plaaslike sfere van die regering; sowel as die konflik van wetgewing tussen verskillende sfere van die regering.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LPUB3724 Publiekreg**

Die module **LPUB3724** Publiekreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente word ingelei in die basiese en grondslagleggende beginsels, konsepte en denkebeelde van die Administratiefreg en die basiese tegnieke by die oplossing van probleme met betrekking tot administratiewe geregtigheid en administratiewe legaliteit met spesifieke verwysing na die Grondwet.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om kennis te verwerf van konsepte, idees en beginsels, asook probleme te identifiseer en op te los met betrekking tot:

- ☐ bronne van die Administratiefreg;
- ☐ administratiewe geregtigheid in die konstitusionele sfeer;
- ☐ administratiewe legaliteit;
- ☐ staatsaanspreeklikheid; en
- ☐ die Administratiewe Prosesreg.

### *Assessering*

Sowel formatiewe metodes (deur middel van toetse en werkstukke) as summatiewe metodes (eksamens), word geïmplementeer ten einde te bepaal of die studente die vereiste uitkomst bereik het.

---

## **LPUB4814 Publiekreg**

Die module **LPUB4814** Publiekreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal bekendgestel word aan geselekteerde onderwerpe uit die Publiekreg ten einde hulle in staat te stel om die toepaslike regsbeginsels krities te evalueer en toe te pas.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die reg op eiendom en grondhervormingswetgewing;
- ☐ die reg op inligting en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting;
- ☐ die reg op gelykheid, die Wet op Gelyke Indiensneming, die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, asook wetgewing insake swart ekonomiese bemagtiging;
- ☐ geselekteerde tweedegenerasieregte; en
- ☐ die reg op administratiewe geregtigheid en die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LRM1524 Romeinsregtelike Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg**

Die module **LRM1524** Romeinsregtelike Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Die module het ten doel om die grondbeginsels van die Romeinse Privaatreg asook die toepaslike prosesreg-reëls by die student tuis te bring om sodoende veral studente se insig in en perspektiewe op eietydse sakereg, verbintenisreg, erfreg en prosesreg te verbreed en verdiep.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Die student word bekendgestel aan die Romeinse:

- ☐ Personereg
- ☐ Erfreg
- ☐ Sakereg
- ☐ Prosesreg
- ☐ Verbintenisreg

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesserings-metodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LSAE2624 Erfreg en Boedelbereddering**

Die module **LSAE2624** Erfreg en Boedelbereddering (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Die student sal:

- ☐ aan die teorie oor Testate en Intestate Erfreg bekendgestel word;
- ☐ in staat wees om 'n bestorwe boedel te beredder;
- ☐ kan bepaal wat na afsterwe met 'n persoon se besittings moet gebeur;
- ☐ weet hoe om 'n testament te verly;
- ☐ weet hoe om die Intestate Erfreg toe te pas;
- ☐ weet hoe om 'n bestorwe boedel by die Meester te rapporteer;
- ☐ weet hoe 'n eksekuteur aangestel word;
- ☐ regstappe in die bereddering van 'n bestorwe boedel kan doen; en
- ☐ weet hoe om boedelbelasting te bereken.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

- ☐ Wet op Testamente
- ☐ Wet op Intestate Erfopvolging
- ☐ Boedelbelastingwet

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ intestate erfgename te bepaal;
- ☐ 'n testament uit te lê en erfgename te bepaal;
- ☐ te bepaal wie erf wat;
- ☐ 'n testament te verly; en
- ☐ 'n bestorwe boedel te beredder.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesserings-metodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LSIN2614 Uitlegsleer**

Die module **LSIN2614** Uitlegsleer (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente word met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Uitlegsleer en die praktiese implikasies daarvan bekendgestel.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ uitlegteorieë;
- ☐ die Grondwet en die uitleg van wetgewing;
- ☐ grondwetlike uitleg;
- ☐ die drie-fase model van wetsuitleg;
- ☐ spesifieke beginsels, reëls en vermoedens van wetsuitleg; en
- ☐ hulpmiddele in wetsuitleg.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse en werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesserings-metodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LSKL1514 Regsvaardighede**

Die module **LSKL1514** Regsvaardighede (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Om in die algemeen die studente in die vyfjaar LLB-kursus van 'n oorbruggingskursus tussen skool en universiteit te voorsien en te konsentreer op die basiese vaardighede wat vir regstudie en regspraktik vereis word.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ 'n begrip van spesifieke skryfvaardighede ten aansien van die opstel van 'n regsdokumente te toon;
- ☐ 'n begrip en toepassing van numeriese vaardighede van toepassing op die regspraktik te toon;
- ☐ bevoegdheid in die lees en interpretasie van regsbronne met spesifieke verwysing na gesag te toon;
- ☐ alle regsbronne relevant tot 'n spesifieke regsprobleem te kan integreer;
- ☐ voorbereidingsvaardighede toon wat noodsaaklik is om eksamens af te lê; en
- ☐ basiese administratiewe vaardighede wat benodig word om regs-geleerdheid suksesvol te bestudeer, te toon.

### *Assessering*

Formatiewe (bv. toetse, werkstukke) assesserings-metodes, sowel as deurlopende evaluering sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LSKL1524 Regsvaardighede**

Die module **LSKL1524** Regsvaardighede (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Om in die algemeen die studente in die vyfjaar LLB-kursus van 'n oorbruggingskursus tussen skool en universiteit te voorsien en te konsentreer op basiese vaardighede wat vir regstudie en regspraktyk vereis word.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om:

- ☐ die opstel van regsdokumente in die siviele reg;
- ☐ 'n skematiese begrip van die siviele- en strafverhoor; en
- ☐ noodsaaklike litigasie-vaardighede en tegnieke.

### *Assessering*

Formatiewe (bv. toetse, werkstukke) assesserings-metodes, sowel as deurlopende evaluering sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LSSB4814 Deeltitels**

Die module **LSSB4814** Deeltitels (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente word bekendgestel aan die algemene regsbeginsels oor Deeltitels en Aandeelblokskemas en die praktiese toepassing daarvan.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ stedelike gefragmenteerde grondregte;
- ☐ deeltitel eiendomsreg;
- ☐ die registrasie van skemas en eenhede;
- ☐ die bestuur van 'n deeltitelskema;
- ☐ die regte en verpligtinge van eienaars en ander reghebbendes;
- ☐ aandeelblokskemas; en
- ☐ Die bestuur van aandeelblokskemas.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesserings-metodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LTAX3714 Belastingreg**

Die module **LTAX3714** Belastingreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente word bekendgestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van Belastingreg. Die kursus het ten doel om studente in staat te stel om belastingprobleme te identifiseer en dit deur die praktiese toepassing van belastingbeginsels op te los.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente behoort by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ inleiding tot die Belastingreg;
- ☐ interpretasie van belastingwetgewing;
- ☐ bruto inkomste;
- ☐ inkomste en kapitaal;
- ☐ spesiale insluitings;
- ☐ verblyf en bron;
- ☐ vrygestelde inkomste;
- ☐ algemene en spesiale aftrekkings;
- ☐ individue en byvoordele;
- ☐ vennootskappe, maatskappye en beslote korporasies;
- ☐ belastingvermyding;
- ☐ algemene bepalinge;
- ☐ kapitaalwinsbelasting;
- ☐ skenkingsbelasting;
- ☐ trusts;
- ☐ insolvente en bestorwe boedels;
- ☐ boedelbelasting; en
- ☐ Belasting op Toegevoegde Waarde.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LTHE4824 (Navorsingsverslag {± 20 getikte bladsye})**

Die Navorsingsverslag moet in die finale jaar van die LLB voltooi word. Enige titel/onderwerp binne die reg kan in oorleg met die betrokke studieleier nagevors word.

### *Assessering*

Interne- en eksterne eksaminering/moderering.

---



## **LTPC4824 Derdepartyvergoedingsreg**

Die module **LTPC4824** Derdepartyvergoedingsreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente word bekendgestel aan die algemene regsbeginsels van derdepartyvergoedingsreg en die praktiese toepassing daarvan.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die vereistes vir aanspreeklikheid in die geval van geïdentifiseerde eise, sowel as tref-en-trap-botsings;
- ☐ uitsluiting van aanspreeklikheid;
- ☐ berekening en beperking van verhaalbare skade;
- ☐ verjaring en hantering van eise;
- ☐ die regresreg van die Padongelukkefonds; en
- ☐ die invloed van die Wysigingswet op die Padongelukfonds, 19 van 2005, op die instel van derdepartyeise.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **LTRL4824 Trustreg**

Die module **LTRL4824** Trustreg (16 krediete) is 'n elektief en word deur die Departement Privaatreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van kursus*

Studente sal met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Trustreg en die praktiese implikasies daarvan bekendgestel word.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Studente sal by die suksesvolle voltooiing van hierdie module in staat wees om (met inagneming van konstitusionele waardes) begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ die oorsprong van die trust;
- ☐ die vereistes vir die verlyding van 'n geldige trustakte;
- ☐ die regte en verpligtinge van partye tot die trust;
- ☐ die wysiging van 'n trustakte;
- ☐ die beëindiging van die trust; en
- ☐ Trustreg en die praktyk.

### *Assessering*

Sowel formatiewe (bv. toetse, werkstukke) as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

---

## **REEN1700 Regulerende Omgewing**

Die module REEN1700 (40 krediete) word in die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied.

### *Beskrywing en doel van die kursus*

Die regulatoriese omgewing en wetgewing wat die Fidusiêre Dienste bedryf reguleer. Die leerder sal vertrou wees met die belangrikste wetgewing aan die einde van hierdie module om te verseker dat hy/sy nie onwettig, oneties of nalatig sal optree nie. Die leerder sal in staat om al die formaliteite met betrekking tot bestorwe boedels, testamente, administrasie van trusts en boedelbeplanning te kan verduidelik en te identifiseer.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Nadat hierdie module suksesvol voltooi is, behoort die student in staat te wees om die relevante konsepte en beginsels te verwerk en om oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Voldoening en wetgewing wat die Fidusiêre Dienste Industrie reguleer.
- ☐ Bespreek die betekenis en belangrikheid van etiek in die Fidusiêre Dienste Omgewing.
- ☐ Evalueer en analiseer wat geag sou word as etiese gedrag in die Fidusiêre Dienste Omgewing
- ☐ 'n Begrip van die nakoming binne die fidusiêre dienste.
- ☐ Verduidelik die relevansie en toepassing van die alle nakomings wetgewing.
- ☐ Definieër relevante en belangrike konsepte van toepassing op die Fidusiêre Dienste Industrie.
- ☐ Identifiseer en beskryf die rol van die verskillende rolspelers, asook die statutêre en nie-statutêre liggame (byvoorbeeld FISA), in die fidusiêre dienste bedryf.
- ☐ Lys en bespreek die doel van die belangrikste regulerende liggame (byvoorbeeld die Meesterskantoor) van toepassing op fidusiêre dienste
- ☐ Noem en bespreek die funksies en struktuur van die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof.
- ☐ Pas die verskillende statutêre regulasies toe om die voorkoming van geldwassery en die vervolging van sulke verwante misdrywe te verseker.

### *Assessering*

Assessering om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het vind plaas in beide 'n formatiewe (vasvrae en werksopdrag) en summatiewe (eksamen) metode

---

## **MTDL1508 Wiskundige Geletterdheid**

Die module **MTDL1508** Wiskundige Geletterdheid word in die Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aangebied.

### *Doel*

Die module het ten doel om die student in staat te stel om rekenkundige- en wiskundige bewerkings te doen, 'n sakrekenaar suksesvol te gebruik, data te groepeer en berekenings van beskrywende statistiek te doen en wiskundige taal te gebruik om wiskundige idees, konsepte, veralgemenings en menings te verwerk.

### *Assessering*

Die assessering vind by wyse van deurlopende evaluering plaas.

---

## **RKRM2614 Regskriminologie (Straftoemeting)**

Die module Regskriminologie RKRM2614 (straftoemeting) word in die Departement Kriminologie aangebied.

### *Doel*

Die doel met die module is om studente met wetenskaplike kennis oor die teorie en praktyk van straftoemeting toe te rus sodat hulle in staat kan wees om as regsverteenwoordigers, staatsaanklaers en regsprekende beamptes die riglyne te kan toepas, ten einde gepaste vonnisse op te lê.

### *Assessering*

Die assessering behels deurlopende- en eindassessering.

---

## **RKRM2624 Regskriminologie (Misdaadveroorsoeking en Viktimologie)**

Die module Regskriminologie RKRM2624 (Misdaadveroorsoeking en Viktimologie) word in die Departement Kriminologie aangebied.

### *Doel*

Die doel met die module is om studente toe te rus met wetenskaplike kennis oor misdaadveroorsoekingsmodelle en die slagoffer van misdaad sodat hulle in staat kan wees om as regsverteenwoordigers, staatsaanklaers en regsprekende beamptes die slagoffer te help en kennis te dra van sowel die slagoffer as die oortreder, ten einde 'n holistiese benadering te volg.

### *Assessering*

Die assessering behels deurlopende- en eindassessering.

---

## **SCLL1508 Vaardighede en Bevoegdhede vir Lewenslange Leer**

### *Doel*

Die module het ten doel om studente toe te rus met vaardighede en bevoegdhede vir lewenslange leer, wat onder andere die volgende insluit: geheuevaardighede, probleemoplossing, lees- en leervaardighede, kritiese denke en portefeulje-ontwikkelingsvaardighede, gesonde leefstyl, effektiewe streshantering, persoonlike finansiële bestuur en selfmotivering.

### *Assessering*

Studente sal op 'n deurlopende basis met betrekking tot hul kennis en vermoëns om die vaardighede in die praktyk toe te pas, geëvalueer word.

### *Metodes van assessering*

Formatiewe assessering deur middel van:

- ☐ Portefeuljes.
- ☐ Groepbesprekings.
- ☐ Terugvoer na praktiese aktiwiteite.
- ☐ Selfassessering.

Summatiewe assessering deur middel van:

- ☐ Toetse.
  - ☐ Werkstukke.
  - ☐ Portefeuljes.
-

## TRAD1700 Trust Administrasie

Die module TRAD1700 (40 krediete) word in die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg aangebied

### *Beskrywing en doel van die kursus*

Hierdie module fokus op die wetgewing wat die administrasie van trusts sowel as die praktiese implementering daarvan reguleer. studente sal in staat wees om die praktiese toepassings van 'n trust vir verskeie wetlike en kommersiële doeleindes te kan verduidelik. studente sal in staat wees om kliënte te adviseer oor die gebruik van trusts vir verskillende boedelbeplanning doeleindes.

### *Geïntegreerde kennis en vaardighede*

Nadat hierdie module suksesvol voltooi is, behoort die student in staat wees om die relevante konsepte en beginsels te verwerk en om oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Definieer 'n "trust" en onderskei tussen die verskillende tipes trusts.
- ☐ Demonstreer 'n gevorderde begrip van die rol, magte en pligte, en die regte en verpligtinge van die onderskeie partye tot 'n trust.
- ☐ Evalueer 'n trust ten einde te bepaal of die trust geag kan word 'n geldige trust te wees met betrekking tot die vorming en die administrasie daarvan.
- ☐ Pas artikel 6 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed toe met betrekking tot die aanstelling en die magte van die Trusteers.
- ☐ Verduidelik die vrywaring van trusteees in terme van 'n trustakte
- ☐ Bespreek wie aangestel kan word as trusteees.
- ☐ Analiseer en pas die term "skeiding van eienaarskap en beheer" toe, met betrekking tot die administrasie van 'n trust.
- ☐ Verduidelik die proses om 'n geldige trust te skep en op te rig.
- ☐ Verduidelik die wysigingproses van die verskillende tipes trusts.
- ☐ Bespreek die verskillende gebruike van 'n trust.
- ☐ Verduidelik die regsbeginnels met betrekking tot die belasting van trusts.
- ☐ Interpreteer die sogenaamde teenstrydighede in die Suid-Afrikaanse trustreg.
- ☐ Pas die beginnels rakende die administrasie van trusts toe.
- ☐ Bespreek die verwydering van 'n trusteees uit sy amp.
- ☐ Evalueer 'n trustakte krities en lewer kommentaar in detail oor die werking en geldigheid van seker klousules in 'n trustakte.

### *Assessering*

Assessering om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het vind plaas in beide 'n formatiewe (vasvrae en werksopdrag) en summatiewe (eksamen) metode.

## UFS101

UFS101 – kernkurrikulum kursus is gemik op die opleiding van die volgende generasie burgers en jong akademici wat Suid-Afrika die 21<sup>ste</sup> eeu sal inlei. Implisiet in die ontwerp van UFS101 is die ontwikkeling van betrokke leerders onder UV graduandi. Die kurrikulum bied ook ondersteuning vir onvoorbereide studente, terwyl dit toegang bied tot bykomende stimulasie rakende onderwerpe vir sterker studente.

Die kursus bestaan uit 7 eenhede. Elke eenheid bestaan uit twee lesings met óf 'n leerondervinding óf 'n studieklass (tutoriaal) vir elke eenheid (in sommige gevalle word albei gebruik). Blackboard is die leeromgewing wat hoofsaaklik gebruik word en word aangevul deur twee studiegids (een vir elke semester).

UFS101 stel studente bloot aan uitdagende vrae wat daarop gerig is om bestaande kennis en denkwyses te ontwig deur studente te betrek by van die "groot kwessies" wat oor dissiplines strek, naamlik:

| Eenheid | Onderwerp                                  | Dissipline                                |
|---------|--------------------------------------------|-------------------------------------------|
| 1       | Hoe hanteer ons ons gewelddadige verlede?  | Pedagogie, Politieke studies, Geskiedenis |
| 2       | Wat behels regverdigheid?                  | Regte                                     |
| 3       | Is ons alleen?                             | Astronomie, Fisika                        |
| 4       | Het God regtig gesê?                       | Teologie, Filosofie, Teksanalise          |
| 5       | Hoe groen is groen?                        | Fisika, Chemie, Nanowetenskappe           |
| 6       | Hoekom is die finansiële krisis "globaal"? | Ekonomie                                  |
| 7       | Hoe word ons Suid-Afrikaners?              | Antropologie, Sosiale Sielkunde           |

Hierdie module is verpligtend en kredietdraend vir alle hoofstroom studente (op kampus) met 'n TP-telling van 30 en hoër wat as eerstejaarstudente vir 'n eerste graad-of diploma kwalifikasie registreer.

UFS101 is 'n voorvereiste vir die voltooiing van 'n kwalifikasie, en studente verdien 16 ekstra krediete by die minimum vereisde krediete nodig vir die voltooiing van hul kwalifikasies (Reël A8).

UFS101 word tans net in Engels aangebied om die volgende redes:

- ☐ Om sosiale samehang tussen studente te verbeter en te bevorder;
  - ☐ UFS101 berei studente voor vir moontlike deelname aan programme soos die "Leadership for Change Programme" en die "Stanford University Sophomore Programme".
-